Verhandeling: "Die patologie van lupinose."

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

GRAAD VAN MAGISTER IN OPVOEDKUNDE

Herselman Frans Anthonie (Ortopedagogiek)

Verhandeling: "Versteurde uitingslewe as essensie van die problematiese opvoedingsituasie: 'n Psigo-ortopedagogiese perspektief."

Möller Johannes (Psigopedagogiek)

Verhandeling: "Die objeksg gebied van die Psigopedagogiek: 'n Kritiese evaluering van hedendaagse aansprake."

*Langs naam: graad met lof

Besondere studierigtings word tussen hakies aangedui.

*Snyman Sara Maria (Ortopedagogiek)

Verhandeling: " 'n Onderzoek na opvoedingsverwaarlosing ten aansien van die wordingsgeremde verstandelikgestremde kind."

*Van Zyl Frederick Swieger (Beroepsoriëntering)

Verhandeling: "Die evaluering van intelligensie by die beroepskeuse van jeugdige - 'n pedagogiese perspektief."

*Van Zyl Jean Malan (Fundamentele Pedagogiek)

Verhandeling: "Die pedagogiese implikasies van enkele momente uit die Heidelbergse Kategismus."

Van Zyl Petrus Coetzee (Fundamentele Pedagogiek)

Verhandeling: "Die geroepenheid van die deskundige Protestantse Christen-Opvoeder."

FAKULTEIT GENEESKUNDE

GRAAD VAN MAGISTER IN GENEESKUNDE

*Gonin Pieter (Obstetrie en Ginekologie)

Pienaar Abraham Francois (Ortopedie)

*Herholdt Johan Andries (Obstetrie en Ginekologie)

Rösch Werner Rienk (Ortopedie)

Honiball Pieter Jacobus (Interne Geneeskunde)

Schorn Denys (Interne Geneeskunde)

*Joubert Hermanus Francois (Patologie)

Van Zyl Marthinus Philippus (Pediatrie)

Kruger Jan Jacob de Klerk (Psigiatrie)

Welke Hildegard Gertrud Emma (Interne Geneeskunde)

GRAAD VAN MAGISTER IN HUISARTS GENEESKUNDIGE PRAKTYK

Bartman Michael Edgar

Erasmus Philip Daniel Christoffel

*Freercks Herbert Robert Bernhard *Kliniese Geneeskunde *Praktykvoering

*Goulding Kenneth Christian *Kliniese Geneeskunde *Praktykvoering

Greyling Jacobus Arnoldus

Gurnell Douglas Rowland

Herbst Gerhardus Petrus Jacobus

Heyns Marthinus Daneel

Hiemstra Louis Alfred

Lord Geoffrey Burbage

Lückhoff Schalk Johann

McIntosh Robert Roy

Murray Elliot Lionel

Pretorius Johan

Sauer Johannes Jacobus

Van Duuren Elspeth

Van Zyl Zacharias Johannes

Visagie Cornelis Johannes

GRAAD VAN MAGISTER IN FARMAKOLOGIESE GENEESKUNDE

De Wet Benjamin Stefanus

Kruger Theunis Frans

Friedman Basil Asher

Segal Dennis Selwyn

Fritz Johan Thomas

Van Rensburg Willem Cornelis Janse

Greeff Ooppel Bernhardt Wilhelm

Van Schouwenburg Johan Andries Michiel Heyns

Van Wyk Marieta

*Langs naam: graad met lof

*Langs vak(ke): dui aan lof in finale kursus(se) betrokke hoofvak(ke)

Besondere studierigtings word tussen hakies aangedui

GRAAD VAN MAGISTER IN VERPLEEGKUNDE

Potgieter Maria Elizabeth Catharina (Intensiewe Algemene Verpleegkunde)

Verhandeling: "Die rol van die verpleegster in die Opsporing, Voorkoming en Behandeling van Aritmieë in die Koronêresorgeenheid."

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

GRAAD VAN MAGISTER IN TANDHEELKUNDE

De la Rey Johan Frederik (Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie)

Van Rooy Heinrich Kling (Konserverende Tandheelkunde)

FAKULTEIT INGENIEURSWESE

GRAAD VAN MAGISTER IN INGENIEURSWESE

Basson Johan (Chemies)

Verhandeling: "Determination of Mass Transfer Coefficients for the system Ozone - Water as a basis for Reactor Design Criteria."

Du Toit Pieter Schoonees (Meganies)

Verhandeling: "Die ontwikkeling en gebruik van 'n simulasiemodel vir die oplossing van ruimte- en tydafhanklike probleme in die hidrodinamika."

Joubert Gideon (Siviel)

Verhandeling: "Die invloed van kepe op die sywaartse torsie-knik van staalbalke."

Mülke Friedrich Johannes (Siviel)

Verhandeling: "Dinamiese vloedroetering met spesiale verwysing na Vaaldam."

Odendaal Willem Adriaan (Chemies)

Verhandeling: "'n Aansuiwering van die Tridiagonale Matriks-metode vir hantering van Multikomponentdistillasiesisteme vir enige voertoestand met analise van Konvergensiekarakteristieke."

Van der Merwe Pieter (Meganies)

Verhandeling: "Die ondersoek van 'n moontlike materiaal-afhanklike verklaring van die Coulomb-Navier interne wrywingskoeffisiënt."

Van Rensburg Barend Wilhelm Janse (Siviel)

Verhandeling: "'n Vergelykende studie van die eindige element- en eindige strookelementmetodes vir struktuurontleding."

Verster Louis Johannes (Elektries)

Verhandeling: "Optimale beheer van 'n sinchrone generator."

NAGRAADSE BACCALAUREUSGRADE

FAKULTEIT TEOLOGIE

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN TEOLOGIE

(Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika)

Blignaut Dawid

Jooste James Peter

Coertze Roelof Jacobus

Koning Klaas

Coetzee Jacob

Kotzé Petrus Jacobus Johannes

Delpport Johannes Machiel

Kruger Christiaan Johannes

Els Gysbertus van Rooyen

Marais Charl Francois

Besondere studierigtings word tussen hakies aangedui.

Pieterse Cornelius Johannes Abraham
Pretorius Petrus Johannes Oosthuizen
Pretorius Stephanus Johannes
Schoeman Gert Johannes Christoffel

Stuwig Daniël Johannes
Van Rensburg Jacobus Christoffel Jansen
Van Wyk Roelof Daniël Jacobus

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN TEOLOGIE
(Nederduits Gereformeerde Kerk)

*Alberts Jacobus Christiaan

Le Roux Stephanus Johannes

Badenhorst Gerhardus Johannes

Marais Stephanus Josiah

Badenhorst Marthinus Johannes

Maritz Chrisjan Corf

Basson André Francois

Botha Daniël

Botha Pieter Willem

Nel Willem Adriaan George

Brits Rulof Johannes Cornelis

*Raubenheimer Ockert Stephanus Heyns

Doyer Anton Wilhelmus

Scheffler Eben Hans

Du Plessis Cornelis Adolf

Schnell Christoph Wilhelm

Du Preez Ignatius Petrus

Schoeman Pieter Marthinus

Eagleton Henry

Small Jacobus Abraham

Grobler Frederik Johannes

Smith Gert Daniël

Groenewald Stephanus

Snyman Frederick Hendrik

Henn Erich

Steenberg Nicolas Jacobus Petrus

Hough Louis

Strauss Pieter Johannes

Jooste Ernst Pretorius

Swart Coenraad Christoffel

Le Roux André Louis

Taljaard Dirk Cornelis

Van der Walt Wilhelmus

Van Rensburg Helgard Michael Janse

Van Wyk Johannes Cornelius

Van Zyl Casparus Cornelius

VYFJARIGE BACCALAUREUSGRAAD

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

GRAAD VAN BACCALAUREUS LEGUM

Alant Nicolaas George

Meintjes Hendrina Magaretha

*Basson Dion André

Meintjes Roelof Cornelis

Berkow Howard Hershel

Meyer Anthonie Michael

Burger Izak Daniel Petrus

Nienaber Gert Francois

Du Toit Jacobus Phillipus

Olivier Abraham Jacobus

Fourie David Stephanus

*Otto Johannes Marthinus

Griffiths Eben Douglas Sydney

Pretorius Wynand Johannes Beyers

Helberg Marius

Prinsloo Ettienne

Kelbrick Leon Manley

*Van der Merwe Derek

Korb Johannes Ludwich

Van der Merwe Jacques

Ligthelm Gysbertus Johannes

Van Rooy Henri

Lubbe Hansie Jacoba

Van Velden Willem Anthonie

Venter Jacobus Christiaan Krause

*Visser Petrus Johannes

Von Rieche Franz Victor Adolf

*Langs naam: graad met lof

AANKONDIGING VAN TOEKENNING VAN PRYSE EN MEDALJE

Die volgende pryse en medalje is deur ondergenoemde kandidate verower

FAKULTEIT WIS- EN NATUURKUNDE

PROTEA HOLDINGS-PRYS

Vir die beste MSc-student in Analitiese Chemie

Weinert Christoph Hans-Siegfried Wilhelm

FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

DR M BLISS-PRYS

Vir die kandidaat wat die beste presteer het in Siviele Prosesreg in die finale LLB-eksamen

Van der Merwe Derek

DIE JUTA-PRYS

Vir die finalejaarkandidaat wat die beste gemiddelde persentasie ten opsigte van enige graadkursus in die Fakulteit Regsgeleerdheid behaal

Visser Petrus Johannes

BALIE-PRYS (GROTIUS-PENNING)

Vir die kandidaat wat die beste presteer het in die finale LLB-eksamen

Visser Petrus Johannes

PROF E M HAMMAN-WISSELTROFEE

Vir die kandidaat wat die beste presteer in Handelsreg I of II vir die LLB-graad. Gesamentlike toekenning aan die volgende twee kandidate

Otto Johannes Marthinus

Prinsloo Etienne

DAAN PONT-PRYS

Vir toekenning aan die LLB-kandidaat wat die beste presteer in die eksamen in Romeins-Hollandse Reg IV of V

Visser Petrus Johannes

CURRICULA VITAE

EREDOKTORSGRADE

Die graad DSc Honoris Causa

CHRISTIAAN VAN DER MERWE BRINK

Christiaan van der Merwe Brink is op 5 Mei 1915 in die distrik Piketberg gebore. Hy het sy skoolopleiding aan die Hoër Seunskool, Malmesbury ontvang. Aan die Universiteit van Stellenbosch het hy die grade BSc (1935) en MSc (Chemie) (1936) met lof behaal en die DSc (1955) ook met lof aan die Universiteit van Pretoria. Die graad DSc (Honoris Causa) is in 1975 deur die Universiteit van die Witwatersrand aan hom toegeken en in 1976 deur die Universiteit van Stellenbosch.

Vanaf 1937 tot 1943 was dr Brink Navorsingskeikundige by Yskor en hierna tot 1958 senior lektor in Organiese Chemie aan die Universiteit van Pretoria. In 1959 is hy as professor in Organiese Chemie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel en hierdie betrekking beklee dr Brink tot 1967. Sy navorsingswerk en publikasies is meestal op die gebied van die heterosikliese organiese chemie waaronder die piridien en die natuurlike isoflavanoïede. Die Chemiese Instituut se A.S. en C.N. goue medalje vir die beste navorsingspublikasie is in 1966 aan hom toegeken vir sy publikasie op die gebied van die isoflavanoïede.

Sedert 1967 is hy 'n Hoofbestuurslid van die WNNR, eers as vise-President, later (1970) as adjunk-President en sedert 5 Oktober 1971 as President.

Hy het voorheen ook gedien in die direksies van Yskor en van Amkor. Tans is hy Raadslid van die Universiteit van Suid-Afrika, Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en 'n lid en voormalige Raadslid van die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut, Fellow of the Royal Society of South Africa en lid van die Hans Merensky Raad van Trustees en die Suid-Afrika-Stigting.

Hy dien ook in verskeie ander statutêre rade, bv. die Raad op Atoomkrag, die Krygstuigkorporasie, die Raad van die Brandstofnavorsingsinstituut, die Mediese Navorsingsraad, die Waternavorsingskommissie, die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingskorporasie vir Uitvindings (Voorsitter), die Wetenskaplike Adviesraad van die Eerste Minister en is in Januarie 1967 tot lid van die Adviserende Universiteitskomitee (AUK) benoem en dien tans op die Adviserende Raad op Universiteitswese, die opvolger van die AUK.

Dr Brink verteenwoordig die WNNR en dus Suid-Afrika in die International Council of Scientific Unions waarvan die WNNR Suid-Afrika se lidorganisasie is.

Sedert dr Brink by die WNNR aangesluit het, het hy hom onafgebroke en met baie insig en oorleg steeds beywer vir die bevordering van natuurwetenskaplike navorsing in Suid-Afrika.

Sy praktiese en realistiese benadering teenoor navorsing en sy vermoë om oortuigend met mense wetenskaplik te kommunikeer, beteken vir Suid-Afrika in die tydsgewrig waarin ons leef baie, aangesien die invloed wat hy uitoefen op daardie internasionale liggame waarop hy dien nie gering geskat mag word nie.

Onder sy leiding word die WNNR steeds sterker uitgebou en gaan hy voort op die weg wat so bekwaam deur sy voorganger dr S Meiring Naudé ingeslaan is. Sedert sy oornam as president in 1971 is die WNNR verder uitgebou tot 'n organisasie wat tans bestaan uit 16 institute met meer as 3 872 personelede.

As gevolg van sy intieme kennis van die universiteitswese in Suid-Afrika het dr Brink veral daarin geslaag om universiteitsnavorsing verder te stimuleer deurdat hy hom steeds onafgebroke beywer vir meer navorsingsfondse vir universiteite. Sedert hy homself met universiteitsnavorsing bemoei het, het die begroting wat deur die WNNR vir dié doel bewillig word vanaf R1 127 600 in 1971 tot R2 091 300 in 1976 vermeerder. Selfs as president van die WNNR gee hy vandag nog persoonlike aandag aan universiteitsnavorsing.

Dr Brink se aandeel in die ondersoek na die tuiste van die Fakulteite Landbou en Veeartsenykunde het sy beeld as wetenskaplike en veral as wetenskapleier nie alleen verstewig nie maar ook aansienlik laat uitkring binne die geleedere van wetenskapbeoefenaars hier te lande.

By uitstek moet dr Brink teenswoordig gesien word as wetenskaplike bestuurder daarin dat hy as President van die WNNR en die talle liggame waarop hy dien voortrefflike wetenskaplike leierskappe openbaar en in Suid-Afrika sowel as in die buiteland as sodanig aanvaar word.

As chemikus het hy hom tot so 'n mate onderskei deur sy publikasies en referate op nasionale en internasionale kongresse dat die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut in 1976 aan hom die Instituut se goue medalje toegeken het vir sy wetenskaplike navorsing sowel as vir sy bydrae en dienste tot die uitbouing van die chemiese beroep in Suid-Afrika. Hierdie is die hoogste eer wat die Chemiese Instituut aan enige van sy lede toeken.

Gedurende sy verblyf aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat het 23 MSc-studente en 6 DSc-studente onder sy leiding hulle grade voltooi.

As akademikus was dr Brink 'n groot sukses omdat hy die gawe besit om sowel met sy kollegas as met jong mense te kan kommunikeer. Hy het die vermoë besit om sy studente wie hy intiem geken het in sy klasse sowel as op die sportveld te inspireer. Selfs hulle persoonlike probleme het by hom nie onverskillig verbygegaan nie. In die verband het sy buitengewone vermoë om mense te onthou omdat hy in hulle belangstel hom baie goed te pas gekom.

In sy veeleisende en baie aktiewe lewe kan die hydrae van sy eggenote nie onderskat word nie. In 1943 is hy getroud met mej Susanna Pieterse van Smithfield in die Vrystaat en uit die huwelik is twee seuns en drie dogters gebore. Naas die baie voortrefflike opvoeding van haar kinders en die talle hoë eise wat 'n groot familie, aan 'n moeder stel, slaag sy daarin om getrou aan die adel van die beste van die Afrikanervrou op haar stil manier hom te onderskraag en deur dik en dun by te staan.

Dr Brink is 'n oudstudent asook oud dosent van die Universiteit van Pretoria wat presteer het en nog steeds die beeld van hierdie Universiteit op voortrefflike wyse uitdra. Die Universiteit vereer graag hierdie briljante Suid-Afrikaanse Natuurwetenskaplike en oud-student.

Die graad DD Honoris Causa

JOHANNES GERHARDUS MARTHINUS DREYER

Johannes Gerhardus Marthinus Dreyer is op 10 Desember 1898 op die plaas Leeupoort, distrik Potchefstroom gebore.

Sy opleiding het hy ontvang aan die Leeupoortse Laerskool, die Gimnasium te Potchefstroom en Die Transvaalse Universiteitskollege waar hy die grade BA en BD (1922) verwerf het. Hierna het hy verder gestudeer aan die Universiteit van Utrecht, Nederland.

Op 3 Mei 1924 is hy georden as predikant. Hy bedien die volgende gemeentes: Lydenburg 1924 - 1928, Ermelo-kombinasie 1928 - 1937 en vanaf 8 Januarie 1938 tot vandag die gemeente Potchefstroom.

Hy het die kerk op bestuursvlak en in ander hoedanighede gedien en verteenwoordig. Die vernaamste hiervan is: Lid en later as vise-voorsitter van die Algemene Kerkvergadering; lid en voorsitter van verskillende Ringskommissies; lid en voorsitter van die Kuratorium vir die Teologiese opleiding. Hiernaas het hy die kerk op uitmuntende wyse gedien in leidinggewende en adviserende hoedanigheid tans opsigte van jeugwerk, kerstening van die heidene, sending aan Israel, die vertaling van die Psalms en Gesange en Liturgiese Geskrifte, lid van die Revisiekommissie vir die Bybelvertaling in die dertiger jare, jarelange direksielid van die Hervormde Weeshuis

en ook van verskeie opvoedings- en onderwysinstansies, ontvanger van 'n paar eremedaljes, onder andere die dr H C M Fourie-erepenning, asook dié van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging.

Ook buite die kerk het hy 'n wye belangstelling getoon en op verskillende terreine groot dienste gelewer. Ten opsigte van onderwys as lid en voorsitter van skoolrade, beheerrade en skoolkommissies en vir baie jare as lid en vise-voorsitter van die Kollegeeraad van die Potchefstroomse Onderwyskollege.

Ten opsigte van kultuurhistoriese en ander terreine was hy stigter en kommandant van die Voortrekkerbeweging op Ermelo; lid van die Simon van der Stel-stigting; hoofbestuurslid van die Volkspelekomitee.

Hy is ook 'n volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Terwyl ds Dreyer voltyds predikant was en meer as sy deel gedoen het op die gebied van die onderwys asook van die kerklike en kulturele lewe, was hy vanaf 30 Junie 1937 vir veertig jaar lank die redakteur van "Die Hervormer", die amptelike orgaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. In hierdie werk het hy 'n voorbeeld van selfopofferende, nougesette en noukeurige dienswerk uit liefde gestel. Veral in "Die Hervormer" maar ook in "Die Almanak" en die "Hervormde Teologiese Studies" het ds Dreyer oor 'n tydperk van 52 jaar 725 artikels geskryf. Van groot betekenis was veral "Die Vraerubriek" van "Die Hervormer" waarin ds Dreyer vanaf Augustus 1934 tot Junie 1974 'n groot verskeidenheid sake en teksgedeeltes uit die Bybel behandel het. Ook is hy outeur of mede-outeur en samesteller van ongeveer twintig boeke en brosjures. Die bekendste hiervan is seker "Doop en Verbond" wat in 1974 sy vyfde druk beleef het. Verdere temas was aktuele onderwerpe soos die sektewese, die sabbatskwessie, huweliksetiek, kerk en Israel, kerk en skool en die uitverkiesingsleer. Formeel vertoon ds Dreyer se publikasies die volgende kenmerke: Dit is geskryf in korrekte, keurige Afrikaans; die gedagtegang is altyd helder, klink-klaar; dit word gedra deur 'n simpatieke instelling teenoor die lesers wat hy so goed geken het. Inhoudelik dek hierdie publikasies 'n geweldige wye veld. Ds Dreyer se temas was hoofsaaklik dié vroeë en probleme wat op 'n bepaalde tydperk in die gemoed van ons kerklidmate en volksgenote as aktuele problematiek geleef het. Die perspektief van waaruit hy geskryf het, was altyd die suiwer bybels-reformatoriese belydenis en leer. Hiermee het hy twee dinge gekombineer: Grondige kennis van die saak waarvoor hy geskryf het en 'n seldsame helder insig in die saak self en in die verskillende verhoudings waarin die saak staan. Op hierdie wyse het ds Dreyer vir meer as 'n halwe eeu kerk en volk op 'n besondere wyse gedien deur op geestelike en kulturele gebied vanuit die wetenskap van die teologie leiding te gee en menings te vorm by baie duisende mense. Só het hy sy mense en die teologie met oorgawe gedien deur studie en publikasie, terwyl hy ook op die ander terreine waar hy werksaam was, altyd diens van die allerhoogste gehalte gelewer het.

Die Universiteit van Pretoria wil derhalwe op 'n gepaste wyse, hom vereer deur die toekenning van 'n doktorsgraad in die Teologie honoris causa.

Die Graad DSc (Ing) Honoris Causa

MICHAEL ROELOF GERICKE

Michael Roelof Gericke is in 1916 te Willowmore gebore. Hy matriculeer aan die Willowmorese Hoërskool en graduateer in Elektriese Ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad in 1938.

In 1939 sluit hy aan by Union Corporation en werk aanvanklik op die Van Dyk- en Geduldmyne.

In 1944 word hy verplaas na die groep se hoofkantoor as Groep-Elektrotegniese Ingenieur. In 1955 word hy hoofkantoor en in 1967 Hoof Raadgewende Meganiese en Elektriese Ingenieur, welke pos hy beklee tot sy uitrede met pensioen in Desember 1976.

Mnr Gericke het 'n besondere hidrae gelewer tot die elektriese sy van mynboupraktik in Suid-Afrika deur nuwe idees en tegnieke in te voer wat later standaardpraktik geword het, veral ten opsigte van die ontwikkeling van veilige spoedbeheer- en noodremstelsels in mynhyserstelsels, waarin voldoende rekening gehou word met die elastisiteit van die lang staal hyserkabels. Hy het 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van sensitiewe toerusting om die vertragingstempo in hysbakke te meet en in die hysmasjienkamer aan te teken en sodoende help verseker dat Suid-Afrika 'n toonaangevende tegnologiese rol op die gebied speel.

Hy was gemoed met die oorhoofse beplanning en ontwikkeling van vier Evander goudmyne asook die Impala Platinamyn en die raffinadery by Springs waar R120 miljoen binne 18 maande bestee moes word om teen die keurdatum in 1972 die lewering van die metaal aan General Motors te verseker. As tegniese direkteur in die konsortium van twee Franse maatskappye en Union Corporation wat die Hendrik Verwoerddam gebou het, het mnr Gericke hom onderskei as 'n onderhandelaar ook op internasionale vlak.

Hy is 'n volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 'n Genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut van Gediplomeerde Meganiese en Elektriese Ingenieurs, 'n Ere-Genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut van Meganiese Ingenieurs, 'n Ere-Genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektriese Ingenieurs, van welke organisasie hy ook in 1965 President was. Hy was President van die Raad van die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys in 1972 en 1973 en President van die Vereniging van Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys in 1973.

Mnr Gericke se grootste enkele hidrae tot die uitbou van ingenieurswese in Suid-Afrika was egter die leidende rol wat hy gespeel het om registrasie van professionele ingenieurs te bewerkstellig.

In 1963 word hy lid van die Gesamentlike Raad vir Beroepsingenieurs, in 1965 Vise-President en van 1967 tot 1969 dien hy as President. Sy wyse leierskap en onderhandelings talent dra grootliks daartoe by dat eenstemmigheid reeds in 1967 onder ingenieurs verkry word oor die kwessie van registrasie van professionele ingenieurs en die Wetsontwerp gefinaliseer word wat in die volgende jaar die Wet op Professionele Ingenieurs (No 81 van 1968) word wat die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs in die lewe roep.

As eerste en tot dusver enigste President van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs het mnr Gericke die Raad deur die eerste agt jaar van sy bestaan vanaf 14 Februarie 1969 geleidelik op 'n manier wat die registrasie van ingenieurs onmiddellik inslag laat vind het. Hoewel slegs raadgewende ingenieurs in private praktik, 'n klein persentasie van die totale ingenieursgarde, verplig is om te registreer, het die meerderheid van registreerbare ingenieurs hulleself laat registreer sodat die breukdeel wat nou geregistreer is reeds een van die grootstes ter wêreld is. Hy is so pas vir die derde termyn tot President van die Raad herkies.

Deur sy leiding het die droom van geslagte van ingenieurs oor 'n tydperk van 70 jaar werklikheid geword. Veral daarvoor, maar ook vir sy bydraes as Afrikaner tot die Elektriese Ingenieurswese in die mynboubedryf, wil die Universiteit van Pretoria hom vereer met die toekenning van die graad DSc (Ing) honoris causa.

DOKTORSGRADE

Die graad DPhil

WILLEM ADRIAAN JOHANNES COETZEE

Willem Adriaan Johannes Coetzee is op 7 April 1928 op Kromvlei, Piketberg, gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Parow en matrikuleer in 1954 aan die Kollege vir Gevorderde Tegnieise Onderwys, Kaapstad. In 1945 tree hy in diens van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese as Pos- en Telegraafassistent en word in 1962 tot Administratiewe Beampte bevorder en na Pretoria verplaas, waar hy in 1965 'n prestasietoekenning ontvang en teen 1970 die pos van Beheerbeampte in telefoonadministrasie beklee. Hy beywer hom, onder andere, vir die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur en speel 'n aktiewe rol in dié verband as Sekretaris van die takke Kaapstad, Pretoria en Durban van die Afrikaanse Taal- en Kulturbond. Aan die Universiteit van Pretoria verwerf hy met buitemuurse studie agtereenvolgens die grade BA (Staatswetenskappe) in 1967, BA(Hons) (Publieke Administrasie) in 1968 en MA (Publieke Administrasie) in 1970. Die onderwerp vir sy magisterverhandeling is: "Die indiensneming en benutting van vroue-arbeid in die Suid-Afrikaanse Poskantoor". In 1973 word hy as senior lektor en hoof van die departement Publieke Administrasie aan die Universiteit van Durban-Westville aangestel.

Sy proefskrif, getitel: "The Role of the Indian South African in the Administration of his Community", is die eerste omvattende geskrif hier te lande wat lig op dié akuele aangeleentheid werp. Die proefskrif verskaf basiese literatuur oor die indiensneming, opleiding en ontwikkeling van die Indiër Suid-Afrikaners op die sentrale, die provinsiale en die plaaslike owerheidsvlakke.

Promotor: prof dr J J N Cloete

Eksterne eksaminatore: prof dr G A Rauche
dr W I Steyn

Die graad DPhil

RUBEN PETRUS DE LA REY

Ruben Petrus de la Rey is op 18 Februarie 1937 te Johannesburg gebore. Hy matrikuleer in 1954 te Pretoria aan die Hoërskool Michael Brink (tans Hendrik Verwoerd) en verwerf die Kleinsmith-wisselbeker. As buitemuurse student behaal hy agtereenvolgens die grade BA in 1962, BA(Hons) in Sosiologie in 1966, BA(Hons) in Sielkunde gedurende 1969 asook MA in Sielkunde in 1972 met 'n verhandeling oor die persoonlikheidsdinamika van die MBA-student. Gedurende 1955 tree hy as klerk by die Transvaalse Provinsiale Administrasie in diens. Vanaf 1964 was hy aan die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad verbonde. Gedurende 1968 neem hy as sosio-ekonoom aan die Internasionale Biologiese Program deel. Die RSA se bydrae tot die IBP het 'n multidissiplinêre studie van die menslike aanpasbaarheid van landelike en stedelike Bavenda behels. 'n Internasionale publikasie het in hierdie verband van die promovendus verskyn. Voorts het hy uitgebreide sosiaal-sielkundige navorsing op Swartmanne in hul tuislande en stedelike woongebiede gedoen. Hy is sedert 1970 lektor in Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het Noord-Transvaal by verskeie geleenthede as atleet en fietsryer verteenwoordig. Hierbenewens is hy lid van twee vakkundige en twee kultuurverenigings.

In sy proefskrif, getitel: "Sielkundige hoedanighede van en prestasiemaatstawe by MBA-studente", bestudeer die promovendus die ingewikkelde prestasiepatrone van teenswoordige en toekomstige bedryfleiërs. MBA-studente kan voortaan op grond van die bevindinge wetenskaplik gekeur word. Prestasie in die MBA-graadkursus korreleer positief met beroepswelslae. Voorts word diegene wat die graadkursus

voltooi of staak vroegtydig met welslae uitgeken. 'n Battery sielkundige toetse is in die ondersoek gebruik, terwyl besondere aandag aan die statistiese benedebou daarvan geskenk is.

Promotor: prof dr D J Swiegers

Eksterne eksaminatore: prof dr W van der M Herholdt
dr H Scholtz

Die graad DPhil

NEVILLE RONALD GUNNING

Neville Ronald Gunning is op 29 Junie 1938 te Johannesburg gebore. In 1956 voltooi hy sy skoolopleiding aan die Roodepoortse Hoërskool. Vanaf 1957 studeer hy aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die volgende grade behaal: 1959 BA; 1962 BA(Hons); 1966 MA met 'n verhandeling oor "Die Britse Bantoe-Administrasie in Transvaal, 1902-1906". In 1960 behaal hy ook die THOD aan die Pretoriase Onderwyskollege. Vanaf 1961 staan hy in die onderwysberoep: Eers as onderwyser aan die Elandspoorse Hoërskool in Pretoria, waar hy in 1967 tot senior assistent bevorder word; daarna, vanaf 1970 as dosent in Geskiedenis aan die Goudstadse Onderwyskollege, waar hy in 1974 tot vakhoof bevorder is. Vanaf 1977 is hy verbonde aan die Kollege vir Verdere Opleiding en Indiensopleiding in Pretoria.

Sy proefskrif, getitel: "Strydpunte tussen genls L Botha en J B M Hertzog, 1910-1915", handel weliswaar oor 'n tydperk in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis wat reeds voorheen in wetenskaplike studies aangeraak is, maar is terselfdertyd die eerste poging om op krities-objektiewe wyse rekenskap te gee van die besondere aard en omvang van die strydpunte tussen die twee bekende Boere-generaals aan die begin van die 20ste eeu. As sodanig is dit 'n positiewe bydrae wat hoë eise gestel het: Enersyds moes 'n kritiese sintese gemaak word van die bevindinge van ander historici en andersyds moes by wyse van eie navorsing nuwe insigte aangebied word. Die eksaminatore was dit eens dat hierdie proefskrif 'n nuwe rigting in die Suid-Afrikaanse historiografie inlei.

Promotor: dr A P J van Rensburg

Eksterne eksaminatore: prof dr A N Pelzer
prof dr S B Spies

Die graad DPhil

CORNELIUS JOHANNES GYSBERTUS KILIAN

Cornelius Johannes Gysbertus Kilian is op 21 Januarie 1942 te Pretoria gebore. Sy laerskoolopleiding geskied aan die Eben Swemmerse Laerskool (Pretoria) en hy matrikuleer aan die Hoërskool Wonderboom (Pretoria). Daarna sit hy sy studie aan die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Onderwyskollege voort en behaal agtereenvolgens die volgende grade en diploma: BA (1963); THOD (1963); BA(Hons) in Duits (1965); BEd (1967); MA in Duits (1968); MEd (met lof) (1969); DEd (1971); BA(Hons) in Wysbegeerte (met lof) (1974). Hy begin sy loopbaan as onderwyser in Duits aan die Kemptonparkse Hoërskool in 1964. In 1966 aanvaar hy 'n betrekking as onderwyser in Duits aan die Hoërskool Wonderboom. In 1969 word hy aangestel as senior assistent vir Vreemde Tale by dieselfde skool. Na 'n sekondasie van een jaar, word hy in 1971 permanent aangestel as dosent in die Pedagogiek aan die Pretoriase Onderwyskollege. Hierna volg in 1972 'n aanstelling as senior lektor in die Fundamentele Pedagogiek aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sedert Oktober 1973 beklee hy die pos van professor in die Fundamentele Pedagogiek aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is die outeur of mede-outeur van verskeie publikasies in die Pedagogiek.

In sy proefskrif, getitel: "Wysgerige dialektiek by Bergson,

Lavelle en Merleau-Ponty", gee die promovendus 'n demonstrasie van die wysgerige dialektiek as besondere wysgerige benadering. Dit blyk dat daar 'n duidelike dialektiese denklyn in die wysgerige denke van die voorgemelde wysgere bestaan wat in werklikheid tekenend van die wysgerige denke as sodanig is en wat histories teruggespoor kan word tot die voor-Sokratiese Wysbegeerte.

Promotor: prof dr P S Dreyer
Eksterne eksaminatore: prof dr W A Landman
prof dr C K Oberholzer

Die graad DPhil

ERASMUS ALBERTUS VAN DER MERWE

Erasmus Albertus van der Merwe is op 27 Maart 1929 te Johannesburg gebore en matrikuleer in 1947 aan die Hoërskool Helpmekaar. Na die verwerwing van 'n onderwysersdiploma aan die Heidelbergse Onderwyskollege, kom hy in 1955 na Pretoria en skryf hy as buitemuurse student in aan die Universiteit van Pretoria. Aan die einde van 1957 behaal hy die BA-graad en in 1963 word die MA-graad aan hom toegeken met 'n verhandeling oor "Die Prognostiese Evalueering van die NSAG-toets ten opsigte van Eerstejaaruniversiteitstudente", onder leiding van prof dr D J Swiegers. Nadat die promovendus vir tien jaar aan laer- sowel as hoërskole as onderwyser diens gedoen het, word hy in Januarie 1960 na die Onderwyskollege Pretoria gesekeundeer, daarna is hy in 1963 as senior dosent aangestel en is reeds vyf jaar hoof van die Departement Opvoedkundige Sielkunde. Na sy internaat-skap aan die Tara-hospitaal, registreer hy in 1969 as kliniese sielkundige.

In sy proefskrif, getitel: "Die Laerskoolonderwyser: 'n Vergelykende Sielkundig-empiriese studie", word die beroepseienskappe van doeltreffende laerskoolonderwysers teen die agtergrond van effektiewe mannekragbenutting geplaas. Twee landsweye steekproefgroepe is met mekaar vergelyk en teen oorsese en Suid-Afrikaanse omskrewe laerskoolonderwyserskriteria gewees. Met behulp van verskeie gestandaardiseerde sielkundige toetse, matrikulasië-uitslae en vyftig biografiese gegewens, word beduidende resultate ten opsigte van onder andere persoonlikheidseienskappe, peil van intelligensie, beroepsbelangstellings en gesindhede vasgestel.

Promotor: dr S W Wichmann
Eksterne eksaminatore: prof dr D J Swiegers
dr J S Barnard

Die graad DPhil

JAN ALBERTUS VAN TONDER

Jan Albertus van Tonder is op 14 Desember 1944 te Pretoria gebore en matrikuleer in 1962 aan die Hoërskool Pretoria-Wes. Na voltooiing van sy diensplig aan die Lugmaggimnasium, skryf hy in as student aan die Universiteit van Pretoria. Die grade BA, BA(Hons) en MA(Sielkunde) word onderskeidelik in 1967, 1968 en 1969 aan hom toegeken. Aan die einde van 1968 sluit hy aan by die Afdeling WNNR - Keuring en Beroepsleiding van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing. Tans is hy hoof van hierdie afdeling.

In sy proefskrif, getitel: "Werwing en keuring van ingenieurstudente", het die promovendus eerstens ondersoek ingestel na die aard en benutting van beroepsinligting oor die ingenieursprofessie. Aanbevelings is gedoen ten opsigte van welke maatreëls in werking gestel kan word ten einde die ingenieursprofessie meer bekend te maak onder die breë bevolking van Suid-Afrika. Met die tweede deel van die proefskrif is daarin geslaag om met behulp van 'n unieke aanwending van skoolprestaties, 'n kort en doeltreffende

keuringsprosedure daar te stel, wat oor 'n vyfjaar-opvolgperiode 'n hoë mate van betroubaarheid getoon het.

Promotor prof dr D J Swiegers
Eksterne eksaminatore: prof dr W van der M Herholdt
dr H Scholtz

Die graad DPhil

GERRIT JACOBUS CHRISTIAAN VAN WYK

Gerrit Jacobus Christiaan van Wyk is op 2 Desember 1936 te Mkhoma (Malawi) gebore, as seun van prof A C van Wyk. Na sy skoolopleiding aan die Hugenote Hoërskool, Wellington, is hy na die Universiteit van Pretoria, waar hy die BA-graad in 1954 behaal. Daarna behaal hy die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma aan die Pretoriase Normaalkollege, met spesialisering in kuns. Vanaf 1959 tot 1966 is hy onderwyser aan verskillende hoërskole. In 1964 behaal hy die BA(Hons)-graad en in 1970 die MA-graad in Wysbegeerte, albei aan die Universiteit van Suid-Afrika. Vanaf 1967 is hy lektor en vanaf 1970 senior lektor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Zoeloland. Hy is aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse Filosofiese kongres.

In sy proefskrif, getitel: "Die Etiese Intuïtivismes en die Problematiek van Waarde-oordele", word 'n groot aantal en verskeidenheid teorieë betreffende die probleem van die regverdiging van waardeoordele historiesvergelijkend en krities bespreek. Veral deur 'n kritiese gebruik van Austin en Hare se beskouinge kom hy tot 'n nuwe en belangrike perspektief van 'n hele aantal tradisionele probleme van die Etiek en Aksiologie.

Promotor: prof dr P S Dreyer
Eksterne eksaminatore: prof dr C K Oberholzer
dr J A Antonites

Die graad DSc

MICHAEL GEORGE CLOETE

Michael George Cloete is op 31 Maart 1939 te Windhoek gebore. In 1956 matrikuleer hy aan die Hoërskool Windhoek. Hy studeer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat met 'n beurs van die Suidwes-Administrasie en verwerf die BSc-graad in 1959 en die Universiteitsonderwysdiploma in 1960. Vanaf 1961 tot 1964 gee hy onderwys aan die Hoërskool Gobabis. Vanaf 1965 studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en verwerf in 1967 die BSc(Hons)-graad in Chemie, en in 1970 die MSc-graad in Chemie. Hy was werksaam by die SABS en Mediese Navorsingsraad en ook verbonde aan die Universiteit van Pretoria as lektor. Tans is hy Hoof-skeikundige by "Tsumeb Corporation Ltd".

In sy proefskrif, getitel: "'n Studie van analitiese metodes by die ontleding van biologiese materiaal vir spoor- en ander elemente", het hy 'n geskikte metode daargestel waarvolgens multi-spoorelemente in bloedsrummonsters gedoen kan word volgens die tegniek van optiese emissie spektrografie. Sy navorsing het gelei tot die bepaling van gemiddeld 30 spoorelemente. Sy proefskrif kan as 'n diagnostiese hulpmiddel in die mediese wetenskap met groot vrug toegepas word.

Promotor: prof dr C J Liebenberg
Eksterne eksaminatore: dr C E G Schutte
dr P G Sevenster

Die graad DSc

JOHANN COOKS

Johann Cooks is in 1934 in die distrik Lichtenburg gebore. Hy matrikuleer in 1950 aan die Hoër Volksskool te Potchef-

stroom. Daarna behaal hy die graad BSc in 1962, die BSc(Hons)-graad in 1964 en die MSc-graad in 1966 aan die Universiteit van Suid-Afrika. Gedurende 1965 en 1966 is hy aangenoemde Universiteit verbonde as lektor in Geografie en in 1967 verskuif hy na die Universiteitskollege Durban, tans die Universiteit van Durban-Westville. In 1973 word hy bevorder tot senior lektor, 'n pos wat hy tans nog beklee. Verskeie vakkundige publikasies het reeds van hom verskyn en sedert 1975 is hy assessorlid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Sy proefskrif, getitel: "Die invloed van litologie en gebiedsgradiënt op die ontwikkeling van dreineerkomme in die omgewing van Durban: 'n Morfometriese studie", is van besondere belang in die studie van die ontstaan van landvorme. Dit behels 'n morfometriese ontleding van bepaalde landskapselemente op verskillende lito-stratigrafiese eenhede. Die gevestigde idee dat litologie die bepalende veranderlike in dreineerkomontwikkeling is, word deur die resultate van hierdie proefskrif sterk bevestig en is dus 'n belangrike bydrae tot ons vakkennis. Die promovendus het belangrike deure vir toekomstige navorsing in geomorfologie geopen.

Promotor: prof dr P Smit

Mede-promotor: prof dr D J L Visser

Eksterne eksaminatore: prof dr C J Swanevelder
prof dr W J van Biljon

Die graad DSc

JOHAN PETRUS KOTZÉ

Johan Petrus Kotzé is op 25 November 1933 in die distrik Piketberg gebore. Sy skoolopleiding ontvang hy aan die Laeren Hoërskool van Piketberg. Hierna studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy die grade BSc Landbou (Landbouchemie), BSc Honneurs (Org Chemie) en MSc Landbou (Landboubiochemie) behaal. Vanaf 1956 was hy verbonde aan die Departement Landbou-tegniese Dienste te Stellenbosch. Die Alexander van Humboldtbeurs vir verdere studie in die buiteland word in 1962 aan hom toegeken. Hy studeer aan die Universiteit van München en gedurende 1964 behaal hy 'n doktorsgraad in die natuurwetenskappe, met vakrigting Plantbiochemie. In 1965 tree hy in diens by die Nasionale Waternavorsingsinstituut van die WNNR as senior navorsingsbeampte. Hy doen hier navorsing oor die anaerobiese prosesse van watersuiwering. Gedurende 1969 gaan hy oor na die Nasionale Voedingsnavorsingsinstituut van die WNNR, waar hy verantwoordelik was vir die navorsing oor eksperimentele aterosklerose. Vanaf 1969 tot 1971 doen hy navorsing in die afdeling Metaboliese Siektes van die Universiteit van Kalifornië, San Diego, en wel onder leiding van prof D Steinberg. Hy besoek ook verskillende universiteite en navorsingsinstansies in Noord- en Suid-Amerika en Europa. Tans is hy verbonde aan die Departement Gesondheid waar hy hoof is van Voedingskundige Dienste. Hy is lid van verskeie binne- en buitelandse vakverenigings en is ook outeur van ongeveer 50 wetenskaplike publikasies.

Sy proefskrif, getitel: "A study of the function and characteristics of lipoprotein lipase", verteenwoordig 'n besliste bydrae tot 'n baie belangrike onderwerp. Die promovendus se werk hou belangrike implikasies in vir mediese navorsing oor bloedvatsiektes en steurings in vetmetabolisme.

Promotor: prof dr J M M Brown

Eksterne eksaminatore: prof dr W Gevers
prof dr C Reinecke

Die graad DSc

JACOB ERASMUS KRÜGER

Jacob Erasmus Krüger is op 24 Junie 1929 in die distrik Fraserburg, Kaapprovinsie, gebore. Sy laerskoolonderwys ontvang hy aan 'n plaasskool op Hondfontein in genoemde

distrik en sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Fraserburg, waar hy in 1946 in die eerste klas matrikuleer. In 1947 tree hy in diens by die Afdeling Insektekunde, Departement van Landbou, en sluit in 1949 by die Nasionale Bounavorsingsinstituut, WNNR, aan as wetenskaplike assistent waar hy tans nog werksaam is, tans as Senior Hoofnavorsingsbeampte. In 1955 behaal hy deur middel van na-uurse studie aan die Universiteit van Pretoria die BSc-graad met Fisika en Wiskunde as hoofvakke. In 1969 skryf hy vir die vak Geologie in, lê aan die einde van 1974 die tentamen daarin op magisterpeil met goeie gevolg af en skryf daarna vir die DSc-graadstudie in.

In sy proefskrif, getitel: "Contributions to the knowledge of the characteristics of vitreous blast-furnace slag with a high magnesia content", toon die promovendus aan die hand van gesofistikeerde fisiesmineralogiese ondersoek aan dat die hoë magnesia-inhoud van Suid-Afrikaanse hoogoonddlak geensins 'n beperkende faktor is in die vervaardiging van hoogoonddsement nie, dat hierdie produk doeltreffend en goedkoop met behulp van kalk geaktiveer kan word en dat die slakinhoud van sodanige sement uiters doeltreffend deur middel van differensiële termale-analise bepaal kan word. Die proefskrif is 'n besonder waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse sementtegnologie.

Promotor: prof dr D J L Visser

Mede-promotor: dr C P Snyman

Eksterne eksaminatore: dr J G D Steyn
dr T L Webb

Die graad DSc

JOHAN BRAND MALHERBE

Johan Brand Malherbe is op 30 Julie 1946 te Gobabis gebore en matrikuleer in 1964 aan die Hoërskool Schweizer-Reneke. Daarna verwerf hy die grade BSc in 1968 en MSc (met lof) in Fisika in 1970 aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende die periode 1969-1970 is hy tegniese assistent in die departement Fisika van die Universiteit van Pretoria. Sedert 1971 is hy as lektor aan dieselfde Departement verbonde.

Sy proefskrif, getitel: "Quasi-stationary states of atoms and metal surfaces in electric fields of arbitrary intensity", toon dat waar 'n lineêre potensiaal deur 'n diskontinuiteit of delta-funksie onderbreek word, die leeftyd van die onstabiele toestand bo die put *toeneem* met die energie. Hierdie resultaat is deeglik met numeriese en benaderde analitiese tegnieke ondersoek en gestaaf. Dit is nuut en verrassend, en tesame met die semi-klassieke verklaring en algemene bespreking daarvan, lewer dit 'n belangrike bydrae tot ons kennis van onstabiele toestande.

Promotor: dr T B Scheffler

Eksterne eksaminatore: prof dr W E Frahn
sir prof dr Rudolf Peierls

Die graad DSc

NICOLAAS HENDRIK STEFANUS PRETORIUS

Nicolaas Hendrik Stefanus Pretorius is op 29 April 1946 te Worcester gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding aan die West-Rand en matrikuleer in 1963 aan die Floridase Hoërskool. In 1964 skryf hy aan die Universiteit van Pretoria in en behaal in 1967 die graad BSc met Entomologie en Genetika as hoofvakke. In 1971 word die graad MSc in Entomologie deur genoemde Universiteit aan hom toegeken op grond van 'n verhandeling, getitel: "Die biologie en morfologie van die Citrusbladspringer, *Penthimia bella* Stal". Hy aanvaar in 1970 diens by die Departement Landbou-tegniese Dienste, waar hy tans hoofvakkundige beampte is en verantwoordelik is vir navorsing ten opsigte van sprinkaanbestryding. Hy spesialiseer in toedieningstegnieke van plaagdoders en in besonder in die relatief nuwe tegniek van ultralae-volume (ULV) grondbe-

sputing. Gedurende 1973 was hy verantwoordelik vir ULV-besputing van rooispinkane naby Beira in Mosambiek in 'n gesamentlike onderneming tussen die Republiek van Suid-Afrika, Rhodesië en Mosambiek. In 1974 besoek hy instansies in Europa en die VSA en in 1975 woon hy op uitnodiging van die "Vth International Agricultural Aviation Congress" in die Verenigde Koninkryk by, asook 'n kursus aangaande die jongste teorieë en tegnieke vir die aanwending van plaagmiddels.

Sy proefskrif, getitel: "'n Analitiese benadering tot ultra-lae-volumebesputing met betrekking tot die bestryding van die bruinsprinkaan, *Locustana pardalina* (Walk)", behandel die resultate van laboratorium- en veldproewe wat daarop gemik is om die druppelgroottes te bepaal wat die sprinkaan sal tref wanneer insekmiddels teen ultra lae volume toegedien word. Die toepassing van die resultate het reeds heelwat belangstelling gaande gemaak, veral omdat dit tot meer doeltreffende besputing van plaagsprinkane lei.

Promotor: prof dr J J Matthee

Eksterne eksaminatore: dr J J C Nel
dr I H Wiese

Die graad DSc

JAN ADRIAAN SMIT

Jan Adriaan Smit is op 22 September 1924 in die distrik Reitz gebore. In 1940 matrikuleer hy in die eersteklas aan die Vortrekker Hoërskool, Boksburg. Hy behaal die BSc-graad in 1943 aan die Universiteit van Pretoria, en die Transvaalse Onderwysdiploma in 1944 aan die Pretoriase Onderwyskollege, waarna hy 17 jaar lank aan verskillende Transvaalse skole as wiskunde-onderwyser verbonde is. Hierna volg twee jaar as dosent aan die Pretoriase Onderwyskollege. In 1963 behaal hy die BSc (Hons)-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika en in 1966 die MSc-graad aan die Universiteit van Pretoria. Sedert 1964 is hy verbonde aan die departement Toegepaste Wiskunde, Universiteit van Pretoria, waar hy tans nog as senior lektor werksaam is.

Tussen 1962 en 1974 het hy Suid-Afrika as lid van ses verskillende springbokspanne op die skietbaan verteenwoordig en het hy die Staatspresidentstropie vir grootkalibergewere tweekeer op die nasionale bisley verower.

Sy proefskrif is getitel: "Die wrywing en oordrag van politetrafluoretileen op metaal en glas, met verwysing na 'n wiskundige model". Die promovendus het met sy navorsing 'n bevredigende wiskundige verklaring van sekere wrywings-eienskappe van politetrafluoretileen, en van die oordrag van dié materiaal gedurende die wrywingsproses, gevind. Hy het eksperimenteel aangetoon dat dié materiaal, wat vir sy uiters lae wrywingskoëffisiënt bekend is, ook onder gegewe omstandighede hoë wrywingseienskappe ontwikkel. Verder het hy 'n sensitiewe eksperimentele metode gevind om die teenwoordigheid van die uiters dun afgesmeerde PTFE-film op glas vas te stel. Aangesien dié materiaal in talle toepassings in die praktyk gebruik word, sal die resultate van sy navorsingswerk van direkte praktiese waarde wees.

Promotor: prof dr J J Geldenhuys

Mede-promotor: dr J P du Buisson

Eksterne eksaminatore: prof dr W F Beezhold
dr A M Venter

Die graad DSc

MERVYN VAN RYNEVELD STEYN

Mervyn van Ryneveld Steyn is op 4 Desember 1930 te Pretoria gebore, die oudste seun van prof dr Douw G Steyn en mev Steyn. Sy laerskoolonderrig ontvang hy aan die ou Pretoria-Ooskool en sy hoërskoolonderwys aan die Pretoria

Boys High School waar hy in 1947 matrikuleer. Vervolgens studeer hy aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1951 die graad BSc en in 1953 die graad MSc in Geologie owerf. Hierna tree hy by die Anglo Transvaal Consolidated Investment Company in diens en werk veral as eksplorasiogeoloog in Rhodesië en die Sentraal-Afrikaanse state. In 1958 word hy as mynbougeoloog na Hartebeestfontein oorgeplaas en in 1961 vertrek hy na Federale Mynbou Beperk en werk eers as hoofgeoloog in die gebied Barberton en daarna as Afdelingsgeoloog aan hoofkantoor in Johannesburg, waar hy in 1970 tot Raadgewende Geoloog in die Goud- en Uraanafdeling bevorder word. Vanaf 1 Maart vanjaar is hy Raadgewende Geoloog by die Rand Londen-korporasie.

Vir sy proefskrif, getitel: "Die stratigrafie, die struktuur en die mineralisasie van die Fairview-myngebied, Distrik Barberton, Oos-Transvaal", een van die min proefskrifte in Geologie wat in Afrikaans geskryf is, het die promovendus 'n sleutelgebied in die Barbertonse Bergland volgens konvensionele veld- en laboratoriummetodes ondersoek en toon hy duidelik aan dat die litologie en die struktuur van die gebied enersyds, en die goudmineralisasie andersyds, ten nouste saamhang en stel hy strukturele norme daar waarop toekomstige eksplorasiewerk beplan behoort te word, 'n saak wat vir die goudmynbedryf aldaar van besondere waarde is.

Promotor: prof dr D J L Visser

Mede-promotor: dr C P Snyman

Eksterne eksaminatore: dr C Roering
dr W L van Wyk

Die graad DSc

JOHANN GEORGE VAN DER WALT

Johann George van der Walt is op 16 Maart 1944 te Johannesburg gebore en matrikuleer in 1961 aan die Athlone Boys High School. Sy universiteitsopleiding ontvang hy aan die Universiteit van die Witwatersrand, waar hy die graad BSc(Hons) met hoofrigting Biochemie in 1966 behaal. Onmiddellik hierna aanvaar hy 'n betrekking as vakkundige beampte in die Rumen-biochemie-afdeling van die Instituut vir Veeartsenykundige Navorsing te Onderstepoort en skryf terselfdertyd aan die Universiteit van die Witwatersrand in vir die MSc-graad, wat hy in 1967 behaal. Daarna doen hy navorsing oor die vertering van ruvoer deur Merinoskape, wat reeds geleidelik tot 7 publikasies met 'n verdere 3 publikasies in voorbereiding en 'n bevordering tot senior vakkundige beampte in 1971.

Sy proefskrif, getitel: "Production of volatile fatty acids in the Ruminant and their contribution to the glucose pool", handel oor die verwantskap tussen die produksie van vlugtige vetsure in die rumen van Merinoskape wat op lusernhooi onderhou is en die beheer van die glukoneogenese baan in die lewer. Die bevinding dat propionsuur, een van die belangrikste voorlopers van bloedsuiker in die skaap, nie 'n beheerrol speel nie, is uiters belangrik en beklemtoon die betekenis van die ander bronne van bloedsuiker. Daarby is ook 'n nuwe metode ontwikkel vir die skeiding van die vetsure op 'n kolom, wat 'n aansienlike verbetering op die vorige tegnieke is.

Promotor: prof dr J M M Brown

Eksterne eksaminatore: prof dr G V Quicke
prof dr C Reinecke

Die graad DSc

HUIBRECHT VAN HAMBURG

Huibrecht van Hamburg is op 10 Mei 1946 te Oud-Beyersland, Nederland, gebore. Hy emigreer in Desember 1956 saam met sy ouers na Suid-Afrika en voltooi sy laerskool-

opleiding aan die Laerskool Rietfontein-Noord te Pretoria. In 1963 matriculeer hy aan die Hoërskool Oos-Moot te Pretoria. In 1964 aanvaar hy diens as leerling-tegnikus by die Landboukollege te Glen en skryf dieselfde jaar in vir die Nasionale Diploma vir Landboutegnici. Die volgende jaar skryf hy by die Universiteit van Pretoria in vir die BSc(Agric)-graadkursus (hoofrigting: Entomologie) en verwerf genoemde graad aan die einde van 1968. In 1969 aanvaar hy diens as Vakkundige Beampte by die Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste en word in 1973 oorgeplaas na die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, waar hy nog steeds werksaam is en navorsing doen op geïntegreerde beheer van graansorghumplae. In 1972 behaal hy die MSc(Agric)-graad aan hierdie Universiteit met 'n verhandeling, getitel: "Die bio-ekologie van die kafferkoringruspe". In 1974 behaal hy as na-nurse student die Hoër Onderwysdiploma aan dieselfde Universiteit. Een publikasie het reeds van hom verskyn. Die promovendus neem aktief deel aan die bedrywighede van sy vakvereniging en dien vir die afgelope twee jaar as penningmeester in die Uitvoerende Komitee van die Entomologiese Vereniging van Suidelike Afrika.

Sy proefskrif, getitel: "Die bionomie en ekonomiese belangrikheid van die graansorghumstamruspe, *Chilo partellus* (Swinhoe) (Lepidoptera: Pyralidae)", handel oor dié fasette van die lewensloop en gewoontes van hierdie insek wat 'n rol speel by die bepaling van sy plaagstatus in graansorghum. Die bevindings sal as fondament dien waarop 'n toekomstige geïntegreerde plaagbeheerprogram vir hierdie gewas gebaseer sal word.

Promotor: prof dr J J Matthee

Eksterne eksaminatore: dr D P Annecke
dr S W Broodryk

Die graad DSc

NICOLAAS JANSEN VAN RENSBURG

Nicolaas Jansen van Rensburg is op 15 Maart 1942 te Pretoria gebore. Sy skoolopleiding ontvang hy aan die Laerskool Mayville en Hoërskool Wonderboom te Pretoria. Hy matriculeer in die eersteklas in 1959 en ondergaan daarna 'n jaar se opleiding aan die Lugmagginnasium te Voortrekkerhoogte. Daarna skryf hy vir die BSc(Agric)-graad (hoofrigting: Entomologie) aan die Universiteit van Pretoria in en behaal genoemde graad in 1965. Dieselfde jaar tree hy as Vakkundige Beampte in diens van die Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming van die Departement Landbou-tegniese Dienste waar hy tans nog werksaam is.

In 1969 behaal hy die MSc(Agric)-graad (met lof) aan die Universiteit van Pretoria met 'n verhandeling getitel: "Die bio-ekologie van die kafferkoringplantluis en sy natuurlike vyande in die Noord-Transvaal". In 1971 behaal hy as na-nurse student die Hoër Onderwysdiploma aan die Pretoriase Onderwyskollege en vanaf 1971 tot 1974 is hy deeltydse lektor in biochemie en biofisika aan die Pretoriase Kollege vir Verpleging. Hy is sedert 1969 lid van die Entomologiese Vereniging van Suidelike Afrika. Vier wetenskaplike publikasies staan reeds tot sy krediet.

Sy proefskrif, getitel: "The sorghum aphid *Melanaphis sacchari* (Zehntner), its bionomics, control and the biology of its predators", baan die weg vir meer doeltreffende gebruik van natuurlike vyande in die beheer van die sorghumplantluis, die ernstigste plaag van graansorghum in die Noord-Transvaal. Daar is ook vier insekmiddels gevind wat die plaag vernietig sonder om die oorlewing van die natuurlike vyande ernstig te benadeel.

Promotor: prof dr J J Matthee

Eksterne eksaminatore: dr S W Broodryk
dr H D Brown

Die graad DSc

JOHN ALFRED WILLIAMS

John Alfred Williams is op 21 Mei 1946 te Pretoria gebore. Hy ontvang sy laerskoolopleiding aan die Discovery Primary School en matriculeer in 1963 aan die Grosvenor Boys High School te Durban. In 1964 ondergaan hy sy militêre opleiding in die Durban Light Infantry te Tempe, Bloemfontein. In 1963 behaal hy die BSc(Agric)-graad in Biochemie en Chemie aan die Universiteit van Natal. In 1967 en 1970 is hy lid van die Suid-Afrikaanse Universiteite se roeispans. In 1970 behaal hy die graad MSc(Agric) in Biochemie met 'n verhandeling getitel: "Slab Discontinuous Electrophoresis for Application in Insect Taxonomy and Ontogeny". In 1970 sluit hy by die SA Mediese Navorsingsraad se eenheid vir Mikrobiële Genetika aan as assistent-navorsingsbeampte. In 1974 word hy tot senior navorsingsbeampte bevorder.

Met sy proefskrif, getitel: "Studies on a *Proteus morganii* bacteriocin", lewer hy 'n bydrae tot ons kennis van die genetiese oorsprong van 'n bakteriosien vervaardig deur *P. morganii* 174. Sekere fisiese kenmerke van die bakteriosien is bepaal asook die uitwerking van hierdie antibiotiese middel op die membraanenergie van gevoelige organismes en die gevolglike remming van makromolekulêre sintese.

Promotor: prof dr J N Coetzee

Eksterne eksaminatore: prof dr G G Meynell
prof dr D R Woods

Die graad DSc (Agric)

EDUARD HEINRICH HERBERT MEYER

Eduard Heinrich Herbert Meyer is op 15 Desember 1942 te Ventersdorp gebore. Na skoolopleiding in Kroondal en Rustenburg, matriculeer hy in 1960 aan die Hoër Landbou-skool, Brits. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1964 die graad BSc(Agric) (met lof). Vir hierdie akademiese prestasie word die George Farrar-beurs in 1965 aan hom toegeken. Gedurende 1966-1967 doen hy vir agt maande immunogenetiese navorsing in Napels met 'n beurs van die Italiaanse regering. In 1969 behaal hy die MSc(Agric)-graad in Genetika aan die Universiteit van Pretoria. Die BP Na-graadse Landboubeurs word in 1971 aan hom toegeken vir twee jaar studie en navorsing in biochemiese genetica aan die Universiteit van Freiburg, Wes-Duitsland. Sedert 1965 is hy as navorsingsbeampte verbonde aan die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde van die Departement van Landbou-tegniese Dienste.

Sy proefskrif, getitel: "Genetische Aspekte der hormonalen Regulation einiger Enzyme in der Entwicklung der Ratte", lewer 'n bydrae tot modelstudies oor regulatoriese meganismes tydens differensiasie in hoër organismes. Voor geboorte is sekere gene van die embrio onder invloed van moederlike hormone reeds aktief, terwyl hierdie ensieminduserende stimulus met geboorte verdwyn. Die promovendus het getoon dat 'n herinduksie van die sintese van spesifieke ensieme in die testis van die rot reeds voor puberteit deur eksterne hormone moontlik is, en dat die betrokke proses genetiese eiensortigheid toon ten opsigte van induksierespons, ensiemaktiwiteit en elektroforetiese bandpatroon.

Promotor: prof dr J M P Geerthsen

Mede-promotor: prof dr U Wolf

Eksterne eksaminatore: dr W Engel
dr H W Hitzeroth

Die graad DSc (Agric)

FRIEDRICH CARL WEHNER

Friedrich Carl Wehner is op 12 Maart 1943 in die distrik Bethal gebore. Hy matriculeer in 1960 aan die Hoërskool

Oos-Moot, Pretoria. In 1965 behaal hy die graad BSc(Agric) en in 1968 die MSc(Agric) (Mikrobiologie) aan die Universiteit van Pretoria. Hy was vanaf die begin van 1966 werksaam in die Departement Landbou-tegniese Dienste en sedert April 1975 by die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad.

Met sy proefskrif, getitel: "Endomikorrissa in gronde van die somerreeënstreek", het die promovendus baanbrekerswerk verrig in die Republiek van Suid-Afrika. Hy het 'n baie moeilike studie aangepak en dit met vasberadenheid deurgevoer. Die belangrikste bydrae van die ondersoek is die promovendus se gevolgtrekking dat die endofiete *Gigaspora calospora* en *Glomus mosseae* soms patogenies is. Verder het hy bevind dat endotrofe-infeksie die droogte-bestandheid van plante verlaag. Hierdie bevindings is belangrik omdat dit aantoon dat die endomikorrissale toestand nie noodwendig voordelig is nie, wat teenstrydig is met algemeen aanvaarde opvattinge.

Promotor: prof dr P L Steyn

Mede-promotor: dr De B Scott

Eksterne eksaminatore: prof dr J M Kotzé
dr M J Hattingh

Die graad DCom

GERHARDUS JOSEPHUS DE JAGER CRONJÉ

Gerhardus Josephus de Jager Cronjé is op 16 Junie 1943 in Wepener gebore. In 1960 matrikuleer hy aan die Hoërskool Grey-Kollege, Bloemfontein. In 1964 skryf hy vir die BCom-graad aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria in en behaal dié graad in 1967. In 1970 behaal hy die MBA-graad aan dieselfde Universiteit. Van 1961 tot 1965 is hy in diens van die Piesangbeheerraad en gedurende 1965 aanvaar hy 'n betrekking as sekretaris van die Afrikaanse Handelsinstituut, 'n betrekking wat hom 'n grondige kennis van die sakelewe besorg. Op 1 Januarie 1970 word hy as lektor in die Bedryfseconomie aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel en op 1 Oktober 1974 word hy tot senior lektor in die Bedryfseconomie bevorder. As deelydse navorser by die Buro vir Finansiële Analise aan die Universiteit van Pretoria, was hy verantwoordelik vir die publikasie van twee navorsingsverslae.

In sy proefskrif, getitel: "Enkele aspekte van die verbruikers en kleinhandelaars betrokke by die bemerking van vars vleis in die beheerde gebied van Pretoria, 1975", word op 'n wetenskaplik-verantwoorde wyse ondersoek ingestel na die ondersteuningsmotiewe van varsvleisverbruikers en die vestigingsplek-, aankoop- en ander bemerkingsvraagstukke van die kleinhandelslagters in die beheerde gebied van Pretoria. Met hierdie navorsing lewer die promovendus 'n belangrike bydrae tot ons kennis van varsvleisbemerking op kleinhandelsvlak en doen hy aanbevelings wat tot 'n groter winsgewendheid vir die ondernemings kan lei.

Promotor: prof dr S Marx

Eksterne eksaminatore: dr P J van Aswegen
prof dr M J van Reenen

Die graad DCom

FERDINAND VORSTER VILJOEN

Ferdinand Vorster Viljoen is op 20 Augustus 1933 te Pretoria gebore. Hy matrikuleer in 1950 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, en verwerf die grade BCom (1956) en MCom (Ekonomiese Wetenskappe) (1966) deur buitemuurse studie aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1957 was hy die voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad en ondervoorsitter van die Sentrale Studenteraad. Gedurende daardie jaar was hy ook die ontvanger van 'n Abe Bailey-reisbeurs.

Sy professionele loopbaan neem in 1957 in die vakkundige afdeling van die voormalige Departement van Handel en Nywerheid 'n aanvang. Dit word opgevolg deur 'n diens-

tydperk by die Suid-Afrika-Stigting as ekonoom/administratiewe bestuurder/lidmaatskapbestuurder; by Yskor as hoof van Ekonomiese en Markinligting; as bedryfsekonoom van 'n aksepbank; as finansiële ontleder by Yskor en later Mevri-beleggings Beperk. In 1972 sluit hy hom by die WNNR aan en is tans werksaam as hoof van die Groep vir Tegno-ekonomiese Studies. Hy is reeds in die verskillende hoedanighede van outeur, mede-outeur, projekteier en advieskomiteelid betrek by etlike nywerheidsondersoeke, verslae, publikasies en inligtingstukke en was ook 'n bydraer tot die boek, getitel: "South Africa in the Sixties", wat deur die Suid-Afrika-Stigting gepubliseer is.

Sy proefskrif handel oor "Die teorie en praktyk van die evaluering van kapitaalinvesterings in die metaalverwerkingsbedryfstak in Suid-Afrika". Onderzoek is ingestel na die mate waarin die teorie en praktyk van kapitaalinvesteringsbesluitneming met mekaar versoenbaar is. Die ondersoek is op 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek gefundeer. 'n Waarneembare neiging tot tradisionalisme is in die bepaalde bedryfstak aangetref. Veranderinge wat in die heersende toestande mag intree, is aangetoon, en die promovendus stel dit dat 'n groter mate van omgewingsbewustheid in hierdie bedryfstak gekweek moet word en daarmee saam groter gebruikmaking van beskikbare, toepaslike hulpmiddels om die doel van goeie besluitneming te dien.

Promotor: prof C W I Pistorius

Eksterne eksaminatore: prof dr E G Churr
prof dr F G Schutte
dr A B Boshoff

Die graad DPhil

CHRISTIAAN HENDRIK GERT VAN DER MERWE

Christiaan Hendrik Gert van der Merwe is op 24 Maart 1924 te Fauresmith gebore. Hy matrikuleer in 1942 aan die Hoërskool Edenburg. In 1944 behaal hy die diploma van die destydse Landbouvakskool te Tweespruit, OVS. Na hy aanvanklik by verskeie boere gewerk het, sluit hy in 1948 by die Departement van Landbou-tegniese Dienste as 'n tegnikus in die grondbewaringvakrigting aan. Hy is in hierdie hoedanigheid werksaam tot 1971, toe hy as Opleidingsbeampte van die Departement aangestel is. As Opleidingsbeampte is hy onder andere belas met die administratiewe opleiding van alle beamptes in die Departement. Hy verwerf in 1965 die BA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika. As buitemuurse student aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1974 die MSA-graad.

In sy proefskrif, getitel: "Die voorsiening en benutting van tegnisi in die Departement van Landbou-tegniese Dienste", het die promovendus die omvattende funksies waarvoor sy ondersoek gestrek het, ontleed en evalueer. Met die navorsing is 'n oorspronklike bydrae tot die verkryging van effektiewe personeeladministrasie in die Staatsdiens en in die besonder in die Departement van Landbou-tegniese Dienste gelewer.

Promotor: prof dr J J N Cloete

Eksterne eksaminatore: dr D M Joubert
dr W I Steyn

Die graad DBA

GEOFFREY BETHLEHEM

Geoffrey Bethlehem is op 16 Augustus 1940 te Johannesburg gebore. Hy voltooi sy skoolopleiding aan Damelin College, behaal die BCom-graad in 1963 en die MBA-graad in 1971 aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy begin sy professionele loopbaan in 1964 as beleggingsontleder by 'n firma van effektemakelaars in Johannesburg. Die volgende jaar vertrek hy na Israel, waar hy eers as assistent-produksie-

bestuurder op Kibbutz Tzora werksaam is en daarna as finansiële ontleder by Dunn & Bradstreet (Israel) Beperk. In 1970 keer hy na Suid-Afrika terug en is 'n tyd lank werksaam as assistent vir die Besturende Direkteur van Statsinform (Edms) Bpk, die ekonomiese navorsingsafdeling van Nedbank Suid-Afrika. In 1972 word hy aangestel as lektor in Bedryfseconomie aan die Universiteit van die Witwatersrand en in 1977 word hy bevorder tot senior lektor. Hy is die outeur van 'n aantal artikels oor maatskappyfinansiering wat in verskeie vaktydskrifte in Suid-Afrika verskyn het en is lid van verskeie Suid-Afrikaanse en internasionale vakverenigings.

In sy proefskrif, getitel: "The Financial Policies of South African Industrial Companies", ondersoek hy die finansieringsbeleid van Suid-Afrikaanse maatskappye met spesifieke verwysing na die aanwending van fondse, groei van ondernemings, rentabiliteit en omvang. Die studie wat oor verskillende bedryfstakke strek, behels die ondersoek van die finansiële inligting van driehonderd maatskappye oor elf jaar. In die literatuur oor maatskappyfinansiering in Suid-Afrika en in die buiteland, is nog nie voorheen 'n empiriese ondersoek deur middel van 'n meervoudige regressie-ontleding van finansiële beleidveranderlikes uitgevoer, soos dit in hierdie proefskrif gedoen is nie. Beide in die ondersoekmetode en bevindings, lewer die proefskrif 'n belangrike bydrae tot ons kennis van maatskappyfinansiering.

Promotor: prof C W I Pistorius

Eksterne eksaminatore: dr L M Brümmer
dr H Philips

Die graad DBA

CARL FREDERIK KIRSTEIN

Carl Frederik Kirstein is op 16 Desember 1945 op Hartbeesfontein in die Wes-Transvaal gebore. In 1963 matrikuleer hy aan die Hoër Volksskool te Potchefstroom. Na sy militêre opleiding in die Vloot, studeer hy aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, waar hy agtereenvolgens die grade BSc (1966), BSc in Industriële Chemie (Bedryfs) (1968) HBA (1971) en MBA (1972) behaal. Vanaf 1973 tot 1976 is hy vir die DBA-graad aan die Universiteit van Pretoria ingeskrif. Vanaf 1969 tot 1971 is hy werksaam in die Chemies-metallurgiese bedryf. In 1972 tree hy as senior inspekteur te Johannesburg in diens van die Departement van Gesondheid in die afdeling Lugbesoedeling-beheer. Tans is hy werksaam by die Nywerheidsontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika.

In sy proefskrif, getitel: "Die invloed van lugbesoedelingsbeheermaatreëls op die koste en beskikbaarheid van swael as strategiese grondstof in Suid-Afrika", toon die promovendus dat met die toepassing van beheermaatreëls op lugbesoedeling, Suid-Afrika selfvoorsienend kan word ten opsigte van swael, wat 'n strategiese belangrike grondstof is. Hy toon egter ook aan dat in die geval van kragstasies, met die huidige stand van die tegnologie daar geen ekonomiese regverdiging bestaan vir ontswaeling nie. Hy stel voor dat meer aandag gegee behoort te word aan nuwe tegnologie, soos die vergassing van steenkool en dubbelsikluskrage-opwekking eerder as om die soms emosioneel geïnspireerde wêreldneigings blindelings na te volg. Met hierdie proefskrif word gepoog om 'n bydrae te lewer tot die vorming van 'n logiese beleid in Suid-Afrika ten opsigte van swaeldioksiedbesoedeling.

Promotor: prof C W I Pistorius

Eksterne eksaminatore: prof dr F G Schutte
prof A P Zevenbergen

Die graad DEd

HEINRICH DREYER

Heinrich Dreyer is op 9 Julie 1930 te Kaapstad gebore en matrikuleer aan die Hoër Jongenskool te Paarl. Hy begin sy

loopbaan as tegnikus in die poskantoor en word later onderwyser aan verskillende Hoër Tegnieke skole, na die verworping van die Nasionale Ingenieursdiploma in 1962 en die Nasionale Onderwysdiploma in 1964. In 1971 behaal hy die BSc-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika en in 1973 en 1974 onderskeidelik die BED en MEd-graad aan hierdie Universiteit. Hy is tans prinsipaal van die Poskantoorcollege te Olifantsfontein.

Met sy proefskrif, getitel: "A systems approach to educational design", lewer hy 'n oorspronklike bydrae tot die onderwys as geheel. Aan die hand van die intologiese metode, wat hy verder verfyn het, ontwerp hy sisteemmodelle op die makro-, meso- en mikrovlakke van die onderwys. Hy behaal verder die onderskeiding dat die eksterne eksaminator aan die Universiteit van Columbia te New York, hom die hoogste lof met sy proefskrif toeswaai.

Promotor: prof dr F J Potgieter

Eksterne eksaminatore: prof dr D M Alexenberg
prof dr W J Louw

Die graad DEd

MARIA MARTHA ERASMUS

Maria Martha Erasmus is op 20 Augustus 1924 te Primrose in die distrik Germiston gebore. Haar eerste skoling ontvang sy aan die Laerskool President en matrikuleer in 1940 aan die Voortrekker Hoërskool te Boksburg. Sy behaal die BSc-graad aan die Universiteit van Pretoria en die Transvaalse Onderwysdiploma in junior primêre werk (met lof) aan die Pretoriase Normaalkollege. Vervolgens gee sy onderwys aan die Derdepootse en Eloffsdalse laerskole te Pretoria en word intussen ook as dosente na die Normaalkollege gesekeundeer. Na haar huwelik in 1950 gee sy onderwys aan die Laerskool Blyvooruitsig en die Hoërskole Wolmaransstad en Wonderboom. Sedert 1963 is sy dosente aan die Onderwyskollege Pretoria en vanaf 1976 is sy departementshoof van die Junior Primêre-afdeling. Intussen behaal sy die BED- en MEd-graad aan die Universiteit van Pretoria. Die promovenda dien tans op die ad hoc-komitee vir junior primêre onderrig (Transvaalse Onderwysdepartement), was behulpsaam met die aanbied van kursusse vir diensdoende onderwyseresse en is lid van die hoofbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging.

Haar proefskrif, getitel: "Die posisie van die leerling in die junior primêre lessituasie", is 'n vakdidaktiese ondersoek na die verbesonderingsmoontlikhede van die lesverloop, ten einde enige lesontwerp op 'n verantwoordbare grondslag te plaas. Die posisies wat die leerling ten aansien van die leerinhoud en die onderwyser kan inneem, is op grond van 'n doelenfunksieanalise beskryf en geklassifiseer. Die betekenis van sodanige modelle is ook vir die Ortodidaktiek uitgewys. Haar navorsing toon duidelik dat effektiewe leer in hierdie skoolfase slegs moontlik is indien die onderwyser die posisie van die leerling in samehang met die inhoudelike en funksionele verloop van die onderrig beplan.

Promotor: prof dr C J van Dyk

Eksterne eksaminatore: prof dr F J Potgieter
prof dr A H Strydom

Die graad DEd

HENDRIK JOHANNES TJAART STEYN

Hendrik Johannes Tjaart Steyn is op 2 Februarie 1933 in die distrik Potgietersrus gebore. Sy laerskoolonderrig ontvang hy aan 'n plaasskool en in 1949 matrikuleer hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool. Daarna was hy verbonde aan die staatsdiens en studeer hy na-uurs. In 1956 behaal hy die Transvaalse Onderwysdiploma aan die Pretoriase Onderwyskollege en die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria. Vervolgens behaal hy aan genoemde Universiteit die BED-

graad in 1959, die Diploma in Buitengewone Onderwys (Dowes) in 1964 en die MED-graad in 1969, met 'n verhandeling, getitel: "Die Probleem van kommunikasie by die dowe kind - 'n Ortopedagogiese Studie". Die promovendus het sy onderwysloopbaan gedurende Januarie 1960 as onderwyser begin aan die Laerskool Menlopark. Op 1 Oktober 1960 aanvaar hy diens as onderwyser aan die Transoranjeskool vir Dowes, Pretoria. Op 1 September 1962 word hy bevorder tot vise-hoof en op 1 Julie 1965 tot hoof van dieselfde skool. Die promovendus dien tans op die Onderwyskomitee van die Nasionale Raad vir Dowes. Hy het reeds verskeie lesings by Nasionale Konferensies oor die onderwys aan dowe kinders gelewer en op hierdie terrein ook verskeie buitelandse besoeke afgelê.

In sy proefskrif, getitel: "Onderaktualisering van die psigiese lewe van die dowe kind-in-opvoeding: 'n Psigo-ortopedagogiese studie", lewer die promovendus 'n betekenisvolle bydrae tot 'n beter begrip van die psigiese lewe van die dowe kind, in besonder betreffende die verskynsels van wording en leer, wat dit by die dowe kind anders voltrek as by die horende kind. As sodanig spruit uit die studie belangrike opgawes vir die opvoeding en onderwys van dowe kinders en word belangrike aanbevelinge gedoen.

Promotor: prof dr M C H Sonnekus
Mede-promotor: prof dr P A van Niekerk
Eksterne eksaminatore: prof dr G Stander
dr J M W Pretorius

Die graad MD

HERNA ROODE

Herna Roode het in 1966 die MBChB-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Tydens 1967 was sy as intern aan die HF Verwoerd-hospitaal werksaam, waarna sy as kliniese assistent aangestel is in die Departement Kindergeneeskunde van die Heilige Johannes de Deo Ziekenhuis in Den Haag, Nederland. In Mei 1969 keer sy na Pretoria terug en gedurende die volgende jaar beklee sy die pos van mediese beampte in die Departement Kindergeneeskunde van die HF Verwoerd-hospitaal. In 1970 word sy aangestel as senior navorsingsbeampte by die Mediese Navorsingsraad, maar bly egter nog steeds op 'n deelydse basis verbonde aan die Departement Kindergeneeskunde. In 1975 word sy aangestel as senior mediese beampte aan die Militêre Hospitaal, Vortrekkerhoogte. Sedert die begin van 1976 is sy tydelik in Rome woonagtig, waar haar eggenoot aan die Suid-Afrikaanse Ambassade verbonde is. Sy het reeds vroeg in haar loopbaan besondere belangstelling en aanleg vir pediatriese navorsing getoon en het reeds 8 wetenskaplike publikasies, gegrond op navorsing van hoogstaande gehalte, die lig laat sien.

Haar proefskrif, getitel: "'n Ondersoek na die serum-immunoglobulien-waardes by gesonde jong blanke en Bantokinders en kinders met lugweginfeksies" is vooraf deeglik met behulp van statistici beplan. Die ondersoek is noukeurig op 'n groot aantal kinders uitgevoer en die resultate is besonder deeglik ontleed. Die werk is oorspronklik en het nuwe inligting i.v.m. die serumimmunoglobulienvlakke by gesonde blanke en swartkinders, asook by kinders met respiratoriese infeksies, aan die lig gebring.

Promotor: prof dr P J Pretorius
Mede-promotor: prof dr J G Prinsloo
Eksterne eksaminatore: prof J D L Hansen
prof dr B J Meyer

Die Graad DSc (Ing)

WILLEM JOHANNES BARNARD

Willem Johannes Barnard is op 28 November 1947 in die Transvaal gebore. Hy matrikuleer in 1965 in die Hoërskool Brits en skryf vervolgens in vir die graadkursus in Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria. In Maart 1970 word die graad BSc (Ing) in Meganiese Ingenieurswese aan hom toegeken. Met steun van die Raad op Atoomkrag studeer hy verder aan die Universiteit van Kaapstad en verwerf in 1971 die graad MSc(Ing)(Kern). Hy is sedertdien werksaam by die Raad op Atoomkrag.

Sy proefskrif, getitel: "Bydraes tot die teorie en praktyk van Hoë-tempomateriaalvervorming", is 'n bydrae tot die hantering van dinamiese-vervormingsprobleme. Oplossingsmetodes is daargestel om vervormings in die elasties-plastiese gebied te hanteer. Dit behels die teoretiese model om die vervormingsmeganisme te beskryf en metodes vir die bepaling van die eienskappe van die materiale wat belas word, asook eksperimentele verifikasie. Die vooruitgang op die gebied van ruimte- en kerntegnologie vereis 'n kennis van hoë-tempovervormingsverskynsels. Belasting van strukture as gevolg van kernreaktorongelukke of botsings tussen meteoriete en ruimteskepe is 'n akuele probleem vir ontwerpers. Hierdie proefskrif beskryf die teoretiese modelle en eksperimentele werk wat gebruik kan word vir die oplossing van soortgelyke probleme.

Promotor: prof J Visser
Eksterne eksaminatore: dr A J Buys
dr R van der Walt

Die graad DSc (Ing)


KLAUS MERENSKY

Klaus Merensky is op 9 Julie 1942 in Duitsland gebore en het in 1954 saam met sy ouers na Suid-Afrika geïmmigreer. Hy matrikuleer aan die Rustenburgse Hoërskool en skryf in 1962 aan die Universiteit van Pretoria in vir die BSc(Ing)-graad in Meganiese Ingenieurswese, wat hy vier jaar later behaal. Met behulp van 'n merietebeurs van die WNNR asook 'n beurs van Rand Mines vir 'n bepaalde projek, studeer hy verder vir die BSc(Ing)(Hons)- en MSc(Ing)-graad. Vir laasgenoemde graad studeer hy en doen hy navorsing ook aan die Universiteit van Glasgow (Skotland) en München (Duitsland) en by Sulzer (Switserland). Hierna aanvaar hy 'n betrekking by die Randse Waterraad as Assistent Ingenieur en in 1971 aanvaar hy diens by die Departement van Waterwese waar hy tans Eerste Ingenieur is.

Die waarde van sy proefskrif, getitel: "Automatic flood control by means of dams equipped with crest gates or other discharge devices", is daarin geleë dat vir die eerste keer 'n outomatiese vloedbeheerapparaat ontwikkel, geïnstalleer en optimiseer is vir praktiese toepassing in Suid-Afrika, om sowel daaglikse vloei as vloede in die Tugelarivier, by Bergville te beheer. Water is en bly die lewensbloed van Suider-Afrika as geheel en van ons Republiek in die besonder. Die opdamming, gebruik en vrylating moet deur gesonde beleid en wetenskaplik gefundeerde praktyk beheer en beskerm word en hiertoe lewer die proefskrif 'n waardevolle bydrae.

Promotor: dr D Hopkins
Mede-promotor: prof J Visser
Eksterne eksaminatore: prof I Schwartz
dr C P R Roberts

● UNIVERSITEIT VAN PRETORIA



GRADEPLEGTIGHEID VAN
FAKULTEITE VEEARTSENYKUNDE,
GENEESKUNDE EN TANDHEELKUNDE

op

SATERDAG, 25 JUNIE 1977
OM 09h30
IN DIE AULA

1977

KANSELIER
Sy Edele dr H MULLER
BLitt(Oxon) MA DLitt(Pret) LLB(SA) DPhil(hc)(Stell) FRSA DVD

VOORSITTER VAN DIE RAAD

Dr S M NAUDÉ MSc(Stell) PhD(Berlyn) hon DSc(Potch) hon DSc(UOVS) hon DSc(Witwatersrand) hon DSc(Stell)
hon DSc(Natal) hon LLD(Kaap) hon DSc(Pret)

ONDERKANSELIER, REKTOR EN VOORSITTER VAN DIE SENAAT

Professor dr E M HAMMAN BA LLB(Pret) Jur Drs LLD(Leiden)

WISE-REKTOR

Professor dr A N PELZER MA DPhil(Pret)

PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE

Hoofregter F L H RUMPF BA LLB(Pret)

DEKANE VAN DIE FAKULTEITE

VEEARTSENYKUNDE
GENEESKUNDE
TANDHEELKUNDE

Professor C F B HOFMEYR MMedVet(Chir)(Pret) DVSc(Pret)
Professor H W SNYMAN MBBCh(Witwatersrand) MD(Groningen) SM
Professor P C SNIJMAN BDS(Witwatersrand) HHD RFPS(Glasgow) FDSRCS (Edin)

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE EN REGISTRATEUR

Mnr C H Stuart MAdmin(Pret)

DIREKTEUR EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Mnr Martin Smuts BCom MCom (B&A)(Pret)

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE EN REGISTRATEUR

Mnr J P Nel BCom MCom (B&A)(Pret)

PROGRAM

1. Samestelling van die Vergadering: Die Onderkanselier
2. Skriflesing en gebed: Ds Kobus Venter
3. Verwelkoming: Die Onderkanselier
4. Toekenning van grade: Die Onderkanselier na voorstel-
ling van kandidate deur die betrokke Dekane
5. Ontbinding van die Vergadering: Die Onderkanselier

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

L.W. - Die aanwesiges word versoek om op te staan en te bly staan wanneer die akademiese prosessie die saal binnekom en dit aan die einde van die verrigtinge verlaat.

GRADUANDI

(Word deur die Dekane van die betrokke Fakulteite voorgestel)

FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

VYFJARIGE BACCALAUREUSGRAAD

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN VEEARTSENYKUNDE

Bergh Tertius

Gruss Brian

Hartley David John

Strydom Salomon Ignatius

FAKULTEIT GENEESKUNDE

MAGISTERGRADE

GRAAD VAN MAGISTER IN GENEESKUNDE

Coetzer Andries Petrus (Anesthesiologie)

Kirsten Dorelle Lucille (Anesthesiologie)

GRAAD VAN MAGISTER IN FARMAKOLOGIESE GENEESKUNDE

Du Toit Louwrens Erasmus

SESJARIGE BACCALAUREUSGRAAD

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN GENEESKUNDE EN SNYKUNDE

Linde Nicolaas Albertus

Pezenburg Hans-Jochen Ulrich

Marais Claudius Cecil

Van der Merwe Errol Johann

Olivier Johannes Christiaan

Veenemans Bernard Hendrik

Oosthuyse Petrus Marthinus

Venter Johanna Coetzee

Besondere studierigtings word tussen hakies aangedui.

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

MAGISTERGRAAD

GRAAD VAN MAGISTER IN TANDHEELKUNDIGE WETENSAPPE

Dannheimer Manfred Friedrich Gertges

Verhandeling: "Die Gingivale Randaanpassing en Randseël van Goudinlegsels"

Jones Sheldon Victor

Verhandeling: "Aspects of the Electrical Enhancement of Bone Formation - An In-Vitro Study"

VYF-EN-'N-HALF-JARIGE BACCALAUREUSGRAAD

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN TANDHEELKUNDE

Ackerman Adriaan Johann
Ackerman Coenraad Christoffel

Badenhorst André
Badenhorst Anthonie
Barnard Amelia
Barrett Andrew
Basson Wynand
Behrens Rolf-Dieter
Beyer Otto Emil

Dannhauser Cornelius Andries Johannes
De Bruin Sarel Cornelius
Dellow Alfred George *Herstellende Tandheelkunde
De Wet Eric
Du Preez Johannes Jurgens
Durieux Frank Nicolaas Bernadus
Du Toit Johannes Petrus

Faul Barend Johannes Burger *Herstellende Tandheelkunde
Fowler Desmond Trevor

Geldenhuys Erich Johann
Gordon Nicolaas Phillipus Jacobus
Griessel André Gerhardus *Mondgeneeskunde en Periodonsie

Hartzenberg Johannes Lodewicus
Hattingh Jacob Jakobus

Jooste Jan Daniël

Kirstein Marthinus Nolte
Klemptner Anthony John
Kotze Marthinus Johannes *Mondgeneeskunde en Periodonsie

Malan Cornelis Pieter de Leeuw
Marais Christoffel Johannes

*Maré Leon Karel *Herstellende Tandheelkunde *Mondgeneeskunde en Periodonsie *Kaak- Gesigs- en Mondchirurgie en Radiologie *Mondpatologie

Marnewick Johan Coenraad
Marx Willem Adriaan
Meyer Johannes Stephanus
Minnie Oldenburg Johan
Myburgh Johannes Hugo

Neethling Louis

Oelofse Marthinus Andries
Oosthuizen Andries Johannes Gerhardus
Pansegrouw Jacobus Gustavus
Pienaar Gysbert Jacobus
Pretorius Charl

*Raubenheimer Erich Johann *Herstellende Tandheelkunde
*Prostetika *Mondgeneeskunde en Periodonsie *Kaak-
Gesigs- en Mondchirurgie en Radiologie *Mondpatologie
Revelas Nicolaas
Roets Andreas Nicolaas

Schalekamp Maarten Adriaan
Scholtz Johannes
Smith Jan Louis *Prostetika
Snyman Jacobus Philippus
Stapelberg Petrus Johannes
*Swart Jacobus Nicolaas Johannes *Herstellende Tand-
heelkunde *Prostetika *Mondgeneeskunde en
Periodonsie *Mondpatologie
Swart Theunis Jacobus Peterus

*Te Boekhorst Adriaan Wessel *Prostetika, *Mondgeneeskunde en Periodonsie *Kaak- Gesigs- en Mondchirurgie en Radiologie *Ortodonsie *Mondpatologie

Van Bergen Peter Dale
Van den Berg Adriaan Johannes *Mondgeneeskunde en
Periodonsie, *Mondpatologie
Van der Linde Wynand
Van der Mark Francois Andries
Van Heerden Johannes Diederik
Van Heerden Ockert Johannes
Van Reede van Oudtshoorn Nicolaas Wilhelmus *Mond-
geneeskunde en Periodonsie
Van Straten Hendrik Petrus *Mondgeneeskunde en Perio-
donsie
Van Zyl Dirk Lubbe
Venter Heinrich
Venter Philippus Pretorius
Viljoen Marthinus Johannes

Wearing Dirkie Maria Catharina
Weber Arno *Mondpatologie
Weber Johan Cornelius *Mondgeneeskunde en Periodonsie

*Langs naam graad met lof

*Langs vak(ke): dui aan lof in finale kursusse betrokke hoofvakke.

TOEKENNING VAN PRYSE EN MEDALJES

Die volgende prys en medaljes is deur ondergenoemde kandidate verower:

GOUEMEDALJE VAN DIE TANDHEELKUNDIGE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Vir die finalejaarstudent in Tandheelkunde wat gedurende sy akademiese loopbaan buitengewoon presteer het:
Raubenheimer, Erich Johann

VAN RIEBEECK-GOUE MEDALJE

Vir die finalejaarstudent in Tandheelkunde wat in die algemeen die beste presteer het:
Maré, Leon Karel

VAN RIEBEECK-VERGULDE MEDALJE

Vir die finalejaarstudent in Tandheelkunde wat die beste in Mondpatologie presteer het:
Maré, Leon Karel

P GRANT-SMITH-GOUE MEDALJE

Vir die finalejaarstudent in Tandheelkunde wat die beste in Kaak- Gesigs- en Mondchirurgie presteer het:
Swart, Jacobus Nicolaas Johannes

BRONSMEDALJE VAN DIE TANDHEELKUNDIGE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Vir die finalejaarstudent in Tandheelkunde wat die beste presteer het in:

Herstellende Tandheelkunde

Raubenheimer, Erich Johann

Ortodonsie

Te Boekhorst, Adriaan Wessel

ROSS BARROWMAN PROSTETIKA TOEKENNING

Vir die finalejaarstudent in Tandheelkunde wat die beste in Prostetika (klinies en prakties) gedurende die kliniese jare presteer het:


Smith, Jan Louis

HENRY ST JOHN RANDALL BRONSMEDALJE

Vir die finalejaarstudent wat gedurende sy akademiese loopbaan in Tandheelkunde uitmuntende eienskappe van karakter, persoonlikheid, leierskap en sportmanskap aan die dag gelê het:

Snyman, Jacobus Philippus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA



**LENTE-
PROMOSIEPLEGTIGHEID**

OP

VRYDAG, 9 SEPTEMBER 1977

OM 14h30

IN DIE AULA

1977

KANSELIER
Sy Edele dr H MULLER
BLitt(Oxon) MA DLitt(Pret) LLB(SA) hon DPhil(Stell) FRSA DVD

VOORSITTER VAN DIE RAAD
Dr S M NAUDÉ MSc(Stell) PhD(Berlyn) hon DSc(PU vir CHO) hon DSc(UOVS) hon DSc(Witwatersrand) hon DSc(Stell)
hon DSc(Natal) hon LLD(Kaap) hon DSc(Pret) FRS(SA)

ONDERKANSELIER, REKTOR EN VOORSITTER VAN DIE SENAAT
Professor dr E M HAMMAN BA LLB(Pret) Jur Drs LLD(Leiden)

WISE-REKTOR
Professor dr A N PELZER MA DPhil(Pret) HOD

PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE
Hoofregter F L H RUMPF BA LLB(Pret)

DEKANE VAN DIE FAKULTEITE

LETTERE EN WYSBEGEERTE	Professor A P GROVÉ MA DLitt(SA) UOD
WIS- EN NATUURKUNDE	Professor H P VAN DER SCHIJFF DSc(PU vir CHO) TOD
LANDBOUWETENSKAPPE	Professor D J J POTGIETER BSc MSc(Agric)(Pret) PhD(Kalif.)
REGSGELEERDHEID	Professor P OOSTHUIZEN BA LLB(Pret)
TEOLOGIE	Professor A H VAN ZYL MA DD (Pret)
	Professor B J ENGELBRECHT BA BD(Pret) Th Dr(Groningen) (Adjunk)
EKONOMIESE EN STAATSWETENSKAPPE	Professor C F NIEUWOUDT DPhil(Pret)
VEEARTSENYKUNDE	Professor C F B HOFMEYR MMedVet(Chir) DVSc(Pret)
OPVOEDKUNDE	Professor F VAN DER STOEP BA DEd(Pret) HOD
GENEESKUNDE	Professor F G GELDENHUYS MBBCh(Witwatersrand) MD DVG (Pret) FRCOG FICS MRCOG (Waarnemend)
TANDHEELKUNDE	Professor P C SNIJMAN BDS(Witwatersrand) HDD RFP(SGlasgow) FDSRCS (Edin)
INGENIEURSWESE	Professor D J SCHOEMAN PrIng MSc(Ing) PhD(Witwatersrand) GSAIChI FICHEM

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE EN REGISTRATEUR
Mnr C H Stuart MAdmin(Pret)

DIREKTEUR EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE
Mnr Martin Smuts BCom MCom (B&A)(Pret)

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE EN REGISTRATEUR
Mnr J P Nel BCom MCom (B&A)(Pret)

PROGRAM

1. Saamstelling van die Vergadering: Die Onderkanselier
2. Skriflesing en gebed: Dr W Nicol
3. Verwelkoming: Die Onderkanselier
4. Toespraak: Genl M A De M Malan SSA SD SM
Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag
5. Toekenning van grade en uitreiking van diplomas: Die Onderkanselier na voorstelling van kandidate deur die betrokke Dekane
6. Ontbinding van die Vergadering: Die Onderkanselier

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

L W Die aanwesiges word versoek om op te staan en te bly staan wanneer die akademiese prosessie die saal binnekom en dit aan die einde van die verrigtinge verlaat

GRADUANDI

(Kandidate word deur die Dekane van die betrokke Fakulteite voorgestel)

EREDOKTORSGRAAD

FAKULTEIT EKONOMIESE EN STAATSWETENSKAPPE

GRAAD VAN DOKTOR IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE HONORIS CAUSA

Muller Hilgard

DOKTORSGRADE

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

GRAAD VAN DOKTOR IN LETTERE

Roberts Sheila Valerie (Engels)

Proefskrif: "The Experience of Time in the Novels of Patrick White."

Promotor: prof N J G Sabbagha

Eksterne eksaminatore: prof dr W Maxwell-Mahon
prof dr P J H Tittlestad

GRAAD VAN DOKTOR IN WYSBEGEERTE

Engelbrecht Frederik Jacobus (Wysbegeerte)

Proefskrif: "Die verskynsel woon. 'n Wysgerig-Antropologiese studie."

Promotor: prof dr P S Dreyer

Eksterne eksaminatore: prof dr C K Oberholzer
prof dr J H van den Berg

Hough Michael (Staatsleer)

Proefskrif: "Die Verdeling van Staatsgesag in Suid-Afrika."

Promotor: prof dr C F Nieuwoudt

Eksterne eksaminatore: prof dr W A Kleynhans
prof dr M H H Louw
prof dr G C Olivier

Pretorius Johanna Celestina (Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis)

Proefskrif: "Die Afrikanervrou as Kultuurdraer en Kultuurskepper tot 1806."

Promotor: prof dr P G Nel

Eksterne eksaminatore: prof dr A N Pelzer
prof dr S Strydom
prof dr H M van der Westhuysen

Rocher Hermann Julius Wehncke (Maatskaplike Werk)

Proefskrif: "An Investigation into the role of School Social Work with special reference to the Republic of South Africa."

Promotor: dr E A K Hugo

Eksterne eksaminatore: prof dr W W Anderson
dr A Muller

Swanepoel Andreas Nicolaas (Drama)

Proefskrif: "Die bydrae van P P B Breytenbach tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse toneel (1928 - 1962)."

Promotor: prof dr L B Odendaal

Eksterne eksaminatore: prof dr F C L Bosman
mnr E van der Hoven

Besondere studierigtings word tussen hakies aangedui.

- Van der Schyff Esther Petronella (Geskiedenis)
Proefskrif: "Die rol van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die inisiëring van maatskaplike en ander dienste in die Kaapse Skiereiland, 1844 - 1937."
Promotor: prof dr F A van Jaarsveld
Eksterne eksaminatore: prof dr E L P Stals
 prof dr P B van der Watt
- Visagé Johannes Hendrik Nicolaas (Wysbegeerte)
Proefskrif: "Die Amerikaanse New Left. 'n Bydrae tot die Staatsfilosofie."
Promotor: prof dr P S Dreyer
Eksterne eksaminatore: prof dr P G W du Plessis
 prof dr C F Nieuwoudt

Andreas Nicolaas Swanepoel is op 10 Februarie 1945 in Thabazimbi gebore. Hier ontvang hy sy laer- en hoërskoolopleiding en aan die einde van 1962 matrikuleer hy aan die Hoërskool Frikkie Meyer. Aan die begin van 1963 skryf hy in vir die THOD aan die Potchefstroomse Onderwyskollege asook vir die BA-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO met hoofvakke Afrikaans-Nederlands en Duits. In 1965 voldoen hy aan die vereistes vir die BA-graad en terselfdertyd begin hy aan dieselfde universiteit sy studie in Spraakleer en Drama. In Januarie 1967 behaal hy die THOD en hy lê hom toe op verdere studie in die drama, onderwyl hy deelyds werk. Nadat hy in Desember 1969 die Honneursgraad in Toneelkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ontvang het, vertrek hy na Pretoria om sy studie daar verder voort te sit. Onderwyl hy in die staatsdiens werksaam is, behaal hy in Desember 1971 die MA-graad in Drama aan die Universiteit van Pretoria. In Januarie van dieselfde jaar word hy as onderwyser aangestel by die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegnieke Onderwys in die Departement Musiek en Drama. In Januarie 1973 word hy bevorder tot lektor en in September 1974 tot senior lektor in die nuwe Departement Uitvoerende Kunste. Tans beklee hy nog die betrekking en is in beheer van die Drama-afdeling.

Sy proefskrif, "Die bydrae van P P B Breytenbach tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse toneel (1928-1962)", is 'n gesaghebbende stuk Suid-Afrikaanse toneelgeskiedskrywing. Sy navorsing oor die onderwerp is indringend en deeglik. Hy maak sy gevolgtrekkinge versigtig en staan krities teenoor die enkele bestaande bronne. As sodanig is sy proefskrif enersyds baanbrekerswerk; andersyds werp dit nuwe lig op en bring dit nuwe insig in die uiters belangrike tydperk in die geskiedenis van die toneel in Suid-Afrika.

Promotor: prof dr L B Odendaal

Eksterne eksaminatore: prof dr F C L Bosman
mnr E van der Hoven

Die graad DPhil

ESTHER PETRONELLA VAN DER SCHYFF

Esther Petronella van der Schyff is op 23 Junie 1928 gebore en matrikuleer in 1954. Die BA-graad is in 1957 en die MA-graad in 1970 deur die Universiteit van Pretoria aan haar toegeken. Haar verhandeling vir die MA-graad, getitel: "Maatskaplike versorging van die Nederduits Gereformeerde Kerk aan die Kaap gedurende 1795-1840", is in die Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis opgeneem. Sy is tans amptenaar in die Kaapstadse Argiefbeheerplek. Met haar proefskrif word die aanvoerwerk wat met die magisterverhandeling begin is, voortgesit.

Haar proefskrif, getitel: "Die rol van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die inisiëring van maatskaplike en ander dienste in die Kaapse Skiereiland, 1844-1937", het as tema 'n snit uit die Kerkgeskiedenis en handel oor 'n baie verwaarloosde veld van historiese ondersoek, naamlik die maatskaplike verlede. Dit sny deur verskillende

fasette van die samelewing en het raakvlakke in die randgebiede van ander geesteswetenskappe. Die historiese metode is gevolg in die behandeling van maatskaplike temas op chronologiese wyse. Onderwysaangeleenthede, inrigting-versorging van kinders, die bestryding van sosiale euwels, versorging van bejaardes, hospitaalbehandling en die bekamping van armoede is onder andere temas wat behandel word. Ekonomiese, politieke en maatskaplike veranderings, verstedeliking en die armblankevraagstuk kom tot hul reg, asook die verhouding van kerk tot staat en opheffingswerk onder kleurlinge. Die proefskrif lewer 'n bydrae tot ons kennis van die sosiale geskiedenis en berus op argiefmateriaal wat nuwe lig werp op maatskaplike vraagstukke. Die rol van die predikant en die kerk in die wordings- en verstedelikingsgeskiedenis van die Afrikaner wat nuwe aanpassings geverg het, word duidelik uitgebeeld.

Promotor: prof dr F A van Jaarsveld

Eksterne eksaminatore: prof dr E L P Stals
prof dr P B van der Watt

Die graad DPhil

JOHANNES HENDRIK NICOLAAS VISAGÉ

Johannes Hendrik Nicolaas Visagé is op 22 Januarie 1942 gebore en matrikuleer in 1960 aan die Hoërskool Sasolburg, waarna hy aan die Universiteit van Pretoria sy studie voortsit. In 1968 ontvang hy die MA-graad in Wysbegeerte. Eers is hy personeelbeampte by 'n groot onderneming, maar word later inligtingsbeampte by die Departement van Inligting (1968-1969). Na 'n verdere jaar van voltydse studie, word hy in 1971 aangestel as lektor in Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria en beklee die posisie totdat hy in 1973 inligtingsattaché by die Suid-Afrikaanse Ambassade in Washington D.C. word - 'n betrekking wat hy tans nog beklee. In hierdie hoedanigheid is sy taak hoofsaaklik politieke skakelwerk met die Amerikaanse Kongres en ander politici.

Sy proefskrif, "Die Amerikaanse New Left. 'n Bydrae tot die Staatsfilosofie," handel oor die Amerikaanse New Left wat in die sestigerjare Amerikaanse kampusse oorheers het en ook groot invloed op die Amerikaanse samelewing uitgeoefen het. Deur hierdie grondige studie van die New Left, is waardevolle kennis opgedoen oor die ontstaan en ontwikkeling van 'n aanvanklik vreedsame jeugbeweging, wat weldra ontvlam het in 'n gewelddadige, revolusionêre, kommunisties-infiltreerde, nihilistiese beweging wat 'n ernstige bedreiging van die Amerikaanse opvoedkundige instellings, die regering, die nasionale veiligheid en die land se internasionale verpligtinge en verantwoordelikhede ingehou het.

Promotor: prof dr P S Dreyer

Eksterne eksaminatore: prof dr P G W du Plessis
prof dr C F Nieuwoudt

Die graad DSc

JOHANNES CORNELIUS ASPELING

Johannes Cornelius Aspelings is op 28 April 1941 te Mafeking gebore en matrikuleer in 1958 aan die hoërskool aldaar. Aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerf hy die grade BSc (1962) en MSc in Fisika (1964). Van 1965 tot 1966 is hy as dosent aan die Pretoriase Tegnieke Kollege verbode. Gedurende die periode 1967 - 1970 is hy as lektor in diens van die Universiteit van Pretoria. In 1971 doen hy vir 'n jaar lank navorsing by die Drexel Universiteit in Philadelphia, VSA. By sy terugkeer in Suid-Afrika, aanvaar hy 'n betrekking by die Departement van

Waterwese. In 1973 word hy by die Raad op Atoomkrag aangestel, waar hy tans senior wetenskaplike is.

In sy proefskrif, getitel: "The recovery between 30 K and 400 K of copper and copper alloyed with gold after the β -neutron irradiation", is 'n ondersoek gedoen van die puntfoutreaksies wat vir die herstel van die elektriese weerstand in koper en koper-goudlegerings na termiese-neutron-bestraling verantwoordelik is. Deur gebruik te maak van unieke eksperimentele tegnieke word onder andere die bestaan van 'n nuwe sub-herstelstadium onteenseglik bewys. Die proefskrif verteenwoordig die mees volledig eksperimentele studie wat nog gemaak is van puntfoutreaksies in termiese-neutron-bestraalde koper en sal ongetwyfeld dien as 'n standaard verwysing vir alle toekomstige ondersoeke in die verband. Uit hierdie werk het reeds verskeie internasionale publikasies gevolg, asook voordragte op internasionale kongresse.

Promotor: prof dr H L Gaigher
Mede-promotor: prof dr A Seeger
Eksterne eksaminatore: dr R M Mayer
prof dr P T Wedepohl

Die graad DSc

REINHARD GUSTAV BÖHMER

Reinhard Gustav Böhmer is op 20 Augustus 1926 in Standerton gebore. In 1943 matrikuleer hy in die eersteklas aan die Hoërskool Piet Retief. In 1947 behaal hy die BSc- en in 1949 die MSc(Chemie) graad aan die Universiteit van Pretoria. In die jare 1950 – 1959 is hy as wetenskaplike werksaam in die laboratorium van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens te Koedoespoort. Die laaste vier jaar van hierdie periode is hy leier van die Afdeling Navorsing en Beplanning. Sedert 1960 is hy in die Chemie-departemente aan die Universiteit van Pretoria werksaam, eers as lektor en vanaf 1964 as senior lektor.

In sy proefskrif, getitel: "Die bepaling en verspreiding van spoorelemente in afsettingsgesteentes van die Groep Pretoria", is die hoofdoel die daargestelling van vinnige akkurate en presiese metodes. Verskeie nuwe metodes is daargestel. X-straalfluoresensie-spektrometriese en spektrografiese metodes het besondere aandag geniet. Ten slotte is 220 monsters uit 8 boorgate ontleed en die gegewens van 15 elemente is geochemies vertolk.

Promotor: prof dr C J Liebenberg
Mede-promotor: prof dr D J L Visser
Eksterne eksaminatore: dr P J Fourie
dr C E G Schutte

Die graad DSc

ANTHONY BERRANGÉ ANTILL BRINK

Anthony Berrangé Antill Brink is op 7 Junie 1927 in Pretoria gebore en ontvang sy skoolopleiding aan die Christian Brothers College. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1948 die BSc-graad met Geologie as hoofvak. Gedurende 1949-1950 werk hy as Wetenskaplike Assistent by die Nasionale Bounavorsingsinstituut, WNNR, en studeer terselfdertyd verder vir die MSc-graad. In 1951 vertrek hy na Europa, waar hy eers terreinondersoek in Engeland, Skotland en Wallis doen en daarna navorsingswerk op die gebied van grondvog aan die Padnavorsingslaboratorium, DSIR, Hardmondsworth. Terug in Suid-Afrika in 1953, werk hy weer by die Nasionale Bounavorsingsinstituut as Navorsingsbeampte, maar sluit in 1955 aan by die firma Kantey, Von Geusau en Vennote, Raadgewende Ingenieurs, en doen 'n ingenieursgeologiese on-

dersoek in suidelike en sentraal-Afrika. In hierdie tyd besoek hy ook die International Training Centre for Aerial Survey in Delft, Nederland, en verwerf die Diploma in Bodemopname in 1958. Van 1961 tot 1969 is hy voltydse lektor in Ingenieursgeologie aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1970 stig hy sy eie firma van Raadgewende Ingenieursgeoloë, maar gee nog deelyds lesings in Ingenieursgeologie aan die Universiteit van die Witwatersrand.

In sy proefskrif, getitel: "On the significance of stratigraphy in the prediction of the engineering behaviour of soils and rocks in Southern Africa", toon die promovendus die belangrikheid aan van die stratigrafiese eenheid by 'n ingenieursgeologiese ondersoek. Hy maak gebruik van konvensionele veld- en laboratoriumtegnieke, ook dié wat van toepassing is in die grond- en rotsmeganika en staaf sy stellings aan die hand van 'n aantal gevallestudies uit sy eie ervaring. Die belangrikheid van die werk lê daarin dat dit vir die ingenieur as bloudruk kan dien vir die vinnige daargestelling van 'n terreinondersoekprogram.

Promotor: prof dr D J L Visser
Mede-promotor: prof P F Savage
Eksterne eksaminatore: dr D H van der Merwe
dr M van Rooyen

Die graad DSc

JOHANNES MARCHAND LOOTS

Johannes Marchand Loots is op 28 Mei 1940 te Pretoria gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Langenhoven, waar hy in 1958 matrikuleer. Vanaf 1959 studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en behaal die graad BSc in 1961. Onmiddellik hierna aanvaar hy 'n betrekking as tegniese assistent in die Departement Fisiologie. In 1966 behaal hy die graad MSc(Fisiologie) aan die Universiteit van Pretoria. In dieselfde jaar aanvaar hy diens by die Departement van Vervoer as Fisioloog vir die agtste Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie. Tydens sy verblyf in Antarktika in 1967 doen hy navorsing in verband met die fisiologiese reaksies van die mens teenoor blootstelling aan 'n koue omgewing. Met sy terugkeer in 1968 word hy aangestel as navorsingsbeampte by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad. Hier neem hy aan die Internasionale Biologiese Program deel en doen 'n antropometriese studie op landelike en stedelike Bavenda. In 1970 keer hy terug na die Universiteit van Pretoria as tegniese assistent by die Departement Fisiologie. In 1971 word hy as lektor aangestel en in 1976 as senior lektor.

Sy proefskrif, getitel: "Studies on factors influencing degeneration and regeneration of peripheral nerves", handel oor 'n akuele en hoogs interessante onderwerp. Die doel van hierdie studie was hoofsaaklik om metodes te vind waardeur regenerasie in beseerde senuwees verbeter kan word. In hierdie doel is geslaag deur die gebruik van 'n atraumatische hegtingstegniek sowel as die gebruik van allantoïen – 'n selprolifireerder. Die werk is nie net van praktiese waarde nie, maar lewer 'n belangrike bydrae tot die geneeskunde.

Promotor: prof dr J M M Brown
Eksterne eksaminatore: prof dr H Hammersma
prof dr P J Pretorius

Die graad DSc

JOHN FREDERICK MORRISON

John Frederick Morrison is op 8 April 1920 te Johannesburg gebore en voltooi sy skoolopleiding in 1938 aan die

Helpekaar Hoërskool. In 1942 verwerf hy die BSc-graad in Liggaamsopvoeding en in 1944 die MEdPh-graad aan die Universiteit van Stellenbosch, en in 1964 die MSc-graad in Fisiologie aan die Universiteit van Pretoria. Vanaf 1946 tot 1952 is die promovendus onderwyser aan die S A College High School te Kaapstad, vanaf 1949 tot 1967 senior navorser by die "Applied Physiology Laboratory, Chamber of Mines", Johannesburg, en sedert 1968 senior lektor in Fisiologie aan die Fakulteit van Geneeskunde, Universiteit van Salisbury. Die promovendus het in 1963, 1965, 1972 en 1974 vir tydperke van 3 tot 9 maande in die VSA, Kanada, die Verenigde Koninkryk en Australië gewerk en altesaam 24 publikasies het van hom in internasionale wetenskaplike tydskrifte verskyn.

In sy proefskrif, getitel: "Aspects of work physiology in farm labourers", gee die promovendus 'n grondige ontleding en bespreking van kliniese en nie-kliniese faktore wat die arbeidsprestasies van plaasarbeiders in uiteenlopende boerdery-aktiwiteite beïnvloed en maak hy pertinente voorstelle hoe arbeidsprestasie verhoog kan word - voorwaar 'n belangrike bydrae in 'n tyd van vinnig-stygende lone.

Promotor: prof dr B J Meyer

Eksterne eksaminatore: prof dr A M Coetzee
prof dr C H Wyndham

Die graad DSc

JOZEF MARIE SCHAEKERS

Jozef Marie Schaeckers is op 26 Julie 1943 te Vrasene, België, gebore. Hy emigreer na Suid-Afrika op 24 November 1965 en is in Julie 1972 as Suid-Afrikaanse burger genaturaliseer. In België het hy die graad van "Technisch Ingenieur Scheikunde der Kern Energie Bedrijven" behaal. In 1969 behaal hy die BSc(Hons)-graad in Chemie en in 1970 die MSc-graad in Anorganiese Chemie, met lof, albei aan die Universiteit van Pretoria. Vanaf November 1965 tot Julie 1972 is hy werksaam as wetenskaplike by die Raad op Atoomkrag. Sedert Augustus 1972 is hy as dosent verbonde aan die Chemie-departemente van die Universiteit van Pretoria.

In sy proefskrif, getitel: "Kalorimetrie titrimetrie", het die promovendus 'n sisteem opgestel en ondersoek wat gebaseer is op die kalorimetrie titrasie-tegniek en wat gebruik kan word in volumetriese bepalinge. Wiskundige formules is opgestel; 'n besondere deteksie-sisteem is ontwikkel; die werk is ge-evalueer met behulp van enkelvoudige sisteme en ten slotte is makrokomponente in metaallegerings volgens sy werk bepaal om die praktiese bruikbaarheid van die sisteem aan te toon.

Promotor: prof dr C J Liebenberg

Eksterne eksaminatore: dr F W G Schöning
dr P G Sevenster

Die graad DSc

ELSIE MAGDALENA ADRIANA STEYN

Elsie Magdalena Adriana Steyn is op 15 Junie 1942 te Otjiwarongo, Suidwes-Afrika, gebore, waar sy ook haar skoolopleiding ontvang. Sy lê die matrikulasie-eksamen in 1960 af en vertrek na Stellenbosch, waar sy in 1963 die BSc-graad met Plant- en Dierkunde as hoofvakke, met lof, behaal en ook die Margaretha Mes-prysverower. In 1964 ontvang sy die Sekondêre Onderwysdiploma en hou in 1965 skool op Otjiwarongo. In 1966 keer sy na Stellenbosch terug, waar sy die BSc(Hons)-graad en in 1968 die MSc-graad behaal, albei met lof. Vanaf 1969 tot 1972 is sy as lektrise in die Departement Plantkunde aan die Uni-

versiteit van Pretoria verbonde, waar sy in 1972 met die DSc-studie 'n aanvang neem. Gedurende 1973 tot 1975 werk sy voltyds met behulp van 'n WNNR-merietebeurs aan haar navorsing vir die proefskrif, maar moes haar studie tydelik onderbreek met die geboorte van eers en dan daarna 'n dogter.

Haar proefskrif getitel "'n Embriologiese studie van die Suid-Afrikaanse Melianthaceae", is veral van groot waarde in dié sin dat dit baie meer duidelikheid verleen aan die omstrede taksonomiese posisie van die Melianthaceae.

Promotor: prof dr P J Robbertse

Mede-promotor: prof dr H P van der Schijff

Eksterne eksaminatore: dr F Bouman

dr B L Robertson

Die graad DSc(Agric)

ROBIN OXLEY BARNARD

Robin Oxley Barnard is op 2 Januarie 1940 te Port Elizabeth gebore. Hy ontvang sy hoërskoolopleiding aan die Pretoria Boys' High School. Vanaf Maart 1958 is hy werksaam in die Departement Grondkunde en Plantvoeding aan die Universiteit van Pretoria. In 1962 verwerf hy die Nasionale Diploma vir Tegnici, in 1963 die BSc(Agric)- en in 1968 die MSc(Agric)-graad, albei in Grondkunde en Plantvoeding, aan die Universiteit van Pretoria. In 1966 word 'n George Farrar-beurs aan hom toegeken. In April 1967 word hy aangestel as lektor en in Januarie 1970 bevorder tot senior lektor, 'n pos wat hy tans nog beklee. Hy is lid van die Internasionale Grondkunde-Vereniging, die Grondkunde-Vereniging van Suidelike Afrika en Sekretaris van die Afdeling Landbouwetenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy lewer gereeld referate op plaaslike kongresse en het, benewens 'n aantal departementele verslae, verskeie wetenskaplike artikels gepubliseer, onder andere in internasionale tydskrifte.

In sy proefskrif, getitel: "Plantvoedingsprobleme van versuurde grond", het die promovendus 'n wye studieveld betree. Hy werp veral lig op die komplekse aard van sturende-/voedingselementinteraksies wat gepaard gaan met versuurde grond onder langdurige gebruik in Suid-Afrika. Dit word aangetoon dat verskeie opvattings omtrent probleme wat hier ondervind word, grootliks indirek van aard is. Meer spesifiek blyk dit dat molibdeen 'n sleutelrol speel in die opname van nitraat, wat op sy beurt kalsiumopname bevorder en normale funksionering van die plant verseker.

Dié bevindings lewer 'n groot bydrae tot ons kennis aangaande die doeltreffende hantering van grondagteruitgang in die Trope en Sub-Trope.

Promotor: prof dr W J Fölscher

Eksterne eksaminatore: dr D Bester

dr H v H van der Watt

Die graad DSc(Agric)

HERMANN AUGUST WILHELM VENTER

Hermann August Wilhelm Venter is op 26 April 1943 te Coligny gebore. In 1961 matrikuleer hy aan die Lichtenburgse Hoërskool. In 1962 ondergaan hy militêre opleiding aan die Leërgimnasium in Pretoria. Hy behaal die BSc(Agric)-graad (met lof) in 1966. Die George Farrar-beurs en die H B Davel-medalje is aan hom toegeken. In 1967 doen hy veekundige werk vir 'n boerdery-onderneming in Argentinië. Met sy terugkeer aanvaar hy diens by die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde van die Departement Landbou-egniese Dienste. Hy behaal die

MSc(Agric)-graad in 1970. Gedurende 1968 gee hy deelyds lesings in Voedingsleer en begin 1970 word hy voltyds aangestel as lektor in die Departement Veekunde van die Universiteit van Pretoria. Sedert 1973 is hy werksaam as senior lektor in dieselfde departement. Hy stel belang in beide die suiwer akademiese en die toegepaste aspekte van Veekunde. In 1973 lewer hy as senior outeur 'n referaat met betrekking tot die invloed van klimaat op die reproduksievermoë van beeste by die Vide Internasionale Biometereologiese Kongres in Holland. Na afloop van die kongres besoek hy teel- en navorsingsinrigtings te Frankryk, Duitsland en Engeland. Hy besoek ook die VSA, Venezuela en Paraguay in 'n raadgevende hoedanigheid. Hy het 20 wetenskaplike en populêr-wetenskaplike publikasies waar hy as outeur of mede-outeur opgetree het, tot sy krediet.

In sy proefskrif, getitel: "Die doeltreffendheid van voorspeense groei by sekere vleis-, dubbeldoel- en kruisrasse in die Noord-Transvaalse soetbosveld", het hy met behulp van oorspronklike metodes die faktore wat die melkproduksie, speenmassas en massaveranderinge van vleisras-koeie beïnvloed, omlyn. Vanweë die geweldige druk op die beesvleisprodusent, is waardevolle riglyne gestel vir doeltreffender produksie. Daar is aangetoon dat melkproduksie en werklike speenmassa van deurslaggewende belang is ten opsigte van koeidoeltreffendheid. Belangrike rasverskille in hierdie verband bestaan.

Promotor: prof dr G N Louw

Mede-promotor: dr J D G Steenkamp

Eksterne eksaminatore: prof dr H Heyns
dr J H Lombard

Die graad DBA

WILLEM FREDERIK POTGIETER

Willem Frederik Potgieter, is op 24 Mei 1928 in Heidelberg, Transvaal, gebore en matriculeer aan die Vortrekker Hoërskool, Boksburg. As na-uurse student behaal hy die graad BSc aan die Universiteit van Pretoria in 1957 en die graad MBA in 1961 en aan die Randse Afrikaanse Universiteit die graad BCom(Hons) (Vervoerekonomie) in 1975. In 1971 volg hy die Gevorderde Bestuursprogram (A M P) aan "Harvard Business School". Gedurende 1977 bestudeer hy vervoerbepanning in Engeland en Europa met behulp van 'n navorsingtoekenning van die Universiteit van Suid-Afrika. Ten tyde van sy aanstelling by die Universiteit van Suid-Afrika was hy Adjunk-Direkteur Organisasie en Metodes by die Stadsraad van Johannesburg. Hy begin sy loopbaan as leerlingingenieur by EVKOM en beklee daarna tegniese poste in die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die Suid-Afrikaanse Spoorweë, voordat hy in 1963 tot die bedryfswese toetree as konsultant: Bedryfsekonomie en Bedryfsingenieurswese vir die Suid-Afrikaanse Brouery.

Sy proefskrif, getitel: "n Ekonomiese analise van 'n snelspoor-treinstelsel vir die stad van Johannesburg met spesifieke verwysing na die koste aspekte", is op vervoerstudies van die Johannesburgse Stadsingenieurs-afdeling se Vooruitbeplanningstak gegrond. Evaluasie-tegnieke en veral voordeel-koste-analise word bespreek. Besparings in kongestie-, tyd-, ongeluks- en parkeer-kostes word gekwantifiseer en teenoor kapitale-, bedryfs- en operasionele kostes opgeweeg. Vertroulike aanbevelings oor toekomstige studies word gemaak en riglyne vir geïntegreerde vervoerstelsels word daargestel. Die promovendus het in sy studie 'n waardevolle bydrae gelewer tot die wetenskaplike ondersoek en beoordeling van stedelike vervoerprobleme soos dit nou in die Republiek ontwikkel.

Promotor: prof C W I Pistorius

Mede-promotor: prof dr P J Welgemoed

Eksterne eksaminatore: prof dr F C Schutte
dr L M Brummer

Die graad DEd

JOHANNES FREDERIK BREDEKAMP

Johannes Frederik Bredenkamp is op 25 Junie 1918 te Kimberley gebore en matriculeer aan die Christianase Hoërskool in 1936. Hy studeer vanaf 1937 tot 1940 aan die Potchefstroomse Normaalkollege en die Potchefstroomse Universiteit vir C H O. Vanaf 1941 beklee hy verskeie onderwysposte aan primêre sowel as sekondêre skole. In 1951 word hy na Kleurlingonderwys gesekeundeer en aanvaar in 1953 'n permanente aanstelling aan die Randse Onderwyskollege vir Kleurlinge. Vir die afgelope aantal jare is hy Vise-ektor aan genoemde kollege. Hy is vir etlike jare hoofeksaminator vir die eksterne eksamens in die Beginsels van Opvoedkunde van die onderwyskolleges onder beheer van die administrasie van Kleurlingsake. Hy behaal in 1964 die graad BEd en in 1967 die graad MEd aan die Universiteit van Pretoria.

Sy proefskrif, getitel: "Die beleving van die beroeps-toekoms by Kleurlingjeugdige soos blyk uit beroepskeusegesprekke", bevat betekenisvolle openbaringe en aanbevelings wat vir die Kleurlingvolk besondere toekomsbetekenis inhou, veral ten aansien van beroepskeuse en arbeid. Dit kan met groot vrug saam met die Theron-verslag bestudeer word. 'n Besondere bydrae is gelewer tot opvoedkundige navorsing ten aansien van gespreksverkenning in die lig van beroepskeusekriteria. 'n Verantwoorde vraelys met 'n gefundeerde teoretiese onderbou is ingeskakel. Dit blyk weer eens dat 'n fenomenologiese ondersoek altyd sinvolle empiriese ondersoek moet voorafgaan.

Promotor: prof dr C J Joubert

Eksterne eksaminatore: prof dr S J L Gouws
prof dr W A Landman

Die graad MD

NICOLAAS JOHANNES GROBBELAAR

Nicolaas Johannes Grobbelaar is op 27 Julie 1942 in die distrik Frankfort gebore. Sy eerste skoolopleiding ontvang hy aan die "Albertina"-laerskool - 'n eenman-Vrystaatse plaasskool in die omgewing van sy geboortegrond. Aan die Hoërskool Villiers slaag hy die matriculasie-eksamen met drie onderskeidings.

Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1966 die MBChB-graad met onderskeiding in Pediatrie. In dieselfde jaar word die medalje van die S A Pediatriese Vereniging aan hom toegeken vir die beste artikel uit studentegeleedere. Sy internjaar voltooi hy aan die H F Verwoerd-hospitaal en na 'n jaar van militêre diensplig, betree hy die algemene praktyk in Heidelberg, Transvaal. In 1970 keer hy terug na sy Alma Mater en verwerf vier jaar later die Magistergraad in Geneeskunde, die S A Kollege se diploma in Chirurgie asook die F R C S in Edinburgh. Hy verwerf ook die medalje van die S A Chirurgiese Vereniging vir die beste publikasie deur 'n nagraadse student in Chirurgie.

In sy proefskrif getitel: "Perifere Arteriële siektes by die Bantoe met spesiale verwysing na die sogenaamde Idiopatiese Arteritis", het die promovendus 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die begrip arteriële siektes. Deur 'n bevolkingsgroep met 'n siektetoestand waarvan die etiologie voorheen geheel en al onbekend was, noukeurig te bestudeer, het hy 'n geregverdigde assosiasie met tuberkulose daargestel. Eweneens weerstaan sy saak die toets van terapeutiese kruisverhoor weens die feit dat antituberkulose behandeling die toestand verbeter of genees. In hierdie proefskrif word 'n nuwe siekte beskryf op grond van oorspronklike werk wat in hierdie Fakulteit van Geneeskunde

sy primêre inslag gevind het en tot 'n akademies aanvaarbare slotsom deurgevoer is.

Promotor: prof dr R C Franz

Mede-promotor: prof dr O W Prozesky

Eksterne eksaminatore: prof dr H H Lawson
prof dr C J Mieny

Die graad MD

ABRAHAM CHRISTOFFEL NAUDÉ PRELLER

Abraham Christoffel Naudé Preller is op 6 Julie 1935 te Bothaville gebore, waar hy sy skoolloopbaan in 1952 voltooi. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy die MBChB-graad in 1958. Sy belangstelling in die Psigiatrie het reeds vroeg geblyk. Na die verpligte internskap in 1960, verbind hy hom aan die Weskoppies-hospitaal te Pretoria waar hy tot 1963 werksaam bly. Daarna is hy vir 'n jaar na Bothaville en in 1964 keer hy na Pretoria terug, eers as dosent in die Sielkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika en in 1965 as dosent in Sielkunde aan die Universiteit van Pretoria, alwaar hy in 1966 die MA-graad in Sielkunde verwerf. Sy pos word neergelê om in die Wysbegeerte verder te studeer. In 1971 verwerf hy die MA-graad in Wysbegeerte met 'n verhandeling getitel: "Die Geskiedenis van die Psigologie." Na hierdie verdiepte studie in die grondslae van die psige, keer hy in 1972 terug tot

sy uitgangspunt in Psigiatrie en wel om sy voltydse opleiding in die Psigiatrie aan die Weskoppies-hospitaal as opleidingsinrigting van ons Fakulteit van Geneeskunde te voltooi. Gedurende daardie jaar volg hy 'n kursus in Psigo-terapie onder leiding van prof J H van den Berg, 'n tydsgasprofessor by die departement Sielkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy skripsie het gehandel oor "Kulturele Veranderinge en die Aard van die Psigoterapeutiese Verhouding" en is later tot twee artikels verwerk.


Sy proefskrif handel oor "Harry Stack Sullivan en die Fenomenologiese Psigiatrie." Gevestig in die Psigiatrie sowel as in die Wysbegeerte was die promovendus hoogs bevoegd om die vervlegte grensgebied van sy tema indringend te ontleed. 'n Voortreflike studie is ter hand wat getuig van sy onderlegdheid, belesendheid en uitmuntende vermoë om aan hierdie moeilike onderwerp reg te laat geskied. Dit het by al vier beoordelaars die hoogste lof ontlok. As die eerste groot werk van sy soort in Afrikaans, en in boekvorm voorgelê, sal dit 'n wye kring van belangstellendes veral in die Psigiatrie, die Sielkunde en die Wysbegeerte tot groot voordeel kan strek.

Promotor: prof dr H W Snyman

Mede-promotor: prof dr J H Robbertze

Eksterne eksaminatore: prof dr C K Oberholzer
prof dr J H van den Berg

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA



PROMOSIEPLEGTIGHEID VAN FAKULTEITE

VEEARTSENYKUNDE, GENEESKUNDE EN
TANDHEELKUNDE

op
VRYDAG, 18 NOVEMBER 1977
OM 14h30
IN DIE AULA

1977

KANSELIER

Sy Edele dr H MULLER
BLitt(Oxon) MA DLitt(Pret) LLB(SA) hon DPhil(Stell) hon DPhil(Pret) FRSA DVD

VOORSITTER VAN DIE RAAD

Dr S M NAUDE BSc MSc(Stell) PhD(Berlyn) hon DSc(PU vir CHO) hon DSc(UOVS) hon DSc(Witwatersrand) hon DSc(Stell)
hon DSc(Natal) hon LLD(Kaap) hon DSc(Pret) FRS(SA)

ONDERKANSELIER, REKTOR EN VOORSITTER VAN DIE SENAAT

Professor dr E M HAMMAN BA LLB(Pret) Jur Drs LLD(Leiden)

WISE-REKTOR

Professor dr A N PELZER MA DPhil(Pret) HOD

PRESIDENT VAN DIE KONVOKASIE

Hoofregter F L H RUMPF BA LLB(Pret)

DEKANE VAN DIE FAKULTEITE

VEEARTSENYKUNDE
GENEESKUNDE
TANDHEELKUNDE

Professor C F B HOFMEYR MMedVet(Chir) DVSc(Pret)
Professor H W SNYMAN MBBCh(Witwatersrand) MD(Groningen) SM
Professor P C SNIJMAN BDS(Witwatersrand) HDD RFPS(Glasgow) FDSRCS (Edin)

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE EN REGISTRATEUR

Mnr C H Stuart MAdmin(Pret)

DIREKTEUR EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Mnr Martin Smuts BCom MCom (B&A)(Pret)

HOOF VAN DIE DEPARTEMENT FINANSIELE ADMINISTRASIE EN REGISTRATEUR

Mnr J P Nel BCom MCom (B&A)(Pret)

PROGRAM

- | | |
|--|--|
| 1 Samestelling van die Vergadering: Die Onderkanselier | 4 Toekenning van grade en uitreiking van diplomas: Die Onderkanselier na voorstelling van kandidate deur die betrokke Dekane |
| 2 Skriflesing en gebed: Ds G N Bloem | |
| 3 Verwelkoming: Die Onderkanselier | 5 Ontbinding van die Vergadering: Die Onderkanselier |

DIE STEM VAN SUID-AFRIKA

L.W. - Die aanwesiges word versoek om op te staan en te bly staan wanneer die akademiese prosessie die saal binnekom en dit aan die einde van die verrigtinge verlaat.

GRADUANDI

(Kandidate word deur die Dekane van die betrokke Fakulteite voorgestel)

MAGISTERGRADE FAKULTEIT GENEESKUNDE GRAAD VAN MAGISTER IN GENEESKUNDE

*Grobler Leon Jacobus (Ortopedie)

Molteno Rodney Grey (Ortopedie)

*Van Rensburg Malan Nicolaas Jansen (Radiologiese Diagnostiek)

FAKULTEIT TANDHEELKUNDE GRAAD VAN MAGISTER IN TANDHEELKUNDE

Benninghoff Wilfried (Prostodonsie B)
Botha Pieter (Ortodonsie)

Hurwitz Maurice Leon (Ortodonsie)

Masureik Conrad Joffre (Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie)

*Pretorius Peter James (Ortodonsie)

*Snyman Willem Diederick (Prostodonsie A)

BACCALAUREUS HONORESGRAAD FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

GRAAD VAN BACCALAUREUS HONORES IN TANDHEELKUNDIGE WETENSAPPE

De Vries Johann (Mondgeneeskunde)

Jacobs Frederick Julius (Pedodonsie)

Stoch Russell Brian (Endodonsie)

Van Os Barry Edouard (Endodonsie)

*Langs naam: graad met lof
Besondere studierigtings word tussen hakies aangedui.

BACCALAUREUSGRADE
SESJARIGE BACCALAUREUSGRAAD
FAKULTEIT GENEESKUNDE

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN GENEESKUNDE EN SNYKUNDE

Albertse Hendrik Johannes	Ford Thomas Dominic *Obstetrie en Ginekologie
Baben Lennard	Fourie Lydia Susanna
Baker Malcolm Kevin *Interne Geneeskunde *Kindergeneeskunde	Gericke Wilhelm Anton
Barnard Ernst Jacobus	Gouws Lauren Marthinus
Benade Maria Magdalena	Greeff Pieter Taillefer
Bester Paul Michael	Greyling Marina
Bezuidenhout Petrus Coenraad	Grobler Jacobus Andries
Bisset Anthony John	Grové Hendrik Adriaan
Bober Heinz-Michael Alfred	Hall Edward Theophilus
Bodemer Willem Petrus	Holtzhausen Johannes Andreas
Böhme Emil Gottfried	Hook Bevan
Botha Diederik Francois	Hummel David Brian
Botha Francois	Jooste Charl Johann
Botha Frans Jacob	Joubert Izak Jacob *Kindergeneeskunde
Botha Gertruida Linette *Kindergeneeskunde	Joubert Jacobus Johannes
Botha Philip Theunis Christoffel Jacobus	Joubert Johannes Jacobus
Breedt Hendrik Willem	Joyce Carl Krogh
Bruwer Justus Willem Reitz	Kilian Louis Johannes
Buckley Elmo Joseph	Kleynhans Carel Grové
Burger Andries Johannes	Koen Annemarie
Burger Daniel Jakobus	Kotzé Deon Bismarck
Church Charles Francis	Kritzinger Gerhard Marthinus Petrus
Claasé Eduard Hein	Kroon Cornelis *Interne Geneeskunde *Kindergeneeskunde
Cloete Pieter Hendrikus Gysbertus	Labuscagne Jan Harm
Coetzee Martha Maria	Lambert Peter Arnold
Coetzer Pieter	Le Clus Francois
Conradie Pieter Jacobus	Le Roux Marthinus Cloete
Cronjé Willem Jacobus	Lessing Martin Petrus Albertus
Deale Frederick Wilhelm	Lombard Christoffel Cornelis
De Beer Frederik Coenraad	Lombard Nicolaas Albertus
De Bruyn Cornelia Johanna Aletta *Kindergeneeskunde	Louw André Johannes
De Flamingh Dignus Quintus	Lubbe John Claasen
De Jager Jacobus	Maddison Benita Emily
De Jager Jacobus Gert Hendrik	Marx Theodore
De Jager Philippus Rudolph	Mc Nally Stephen Leo
De Kock Pieter Mechiel	Meeding Johanna Petronella
De Kock Thelma *Obstetrie en Ginekologie	Moolman Christoffel Jacobus
De Koker Frederik Daniel	Muller Gerhardus Johannes *Kindergeneeskunde
De Waal Jan	Naudé Gideon Eduard
De Wit Christoffel *Obstetrie en Ginekologie	Naude Johannes Daniel
Diedericks Carel Frederik Gottlieb	Niemandt Chris
Du Plessis Hermanus Jacobus Christoffel	Nieuwoudt Jacoba Dorethea
Du Plessis Hendrik Tjaart Jacobus	Nieuwoudt Pieter Reyno Paul
Du Plessis Willem Jacobus	Olckers Reineke Katia
Du Plooy Cornelius Wilhelmus	Olivier Hendrik Cornelis
Du Preez Glenn Justin	Oosthuysen Gladys Christiana
Du Toit Christiaan	Osrin Leslie Bernard
Du Trevou Michael Denis	Parsons Jacobus Schalk
Duys Marion Agatha Elisabeth	Pieterse Gert Cornelius Stephanus
Eloff Johannes Frederick	Pio Meyer Hugo
Engelbrecht Leon Anton	Pool Roger
Engelbrecht Schalk Willem Burger	Potgieter Hermanus Lambertus
Enslin Willem Jacobus Smit	
Erasmus Jan Harm	
Erlank Johannes Jacobus	
Eybers Martin	

* Langs vak(ke); dui aan lof in finale kursus(se) betrokke hoofvak(ke).

Potgieter Lucas Marthinus
Prins Frans Edward
Putter Hendrik Frederick Christiaan
Randall Sidney Nigel
Reyneke Johan
Reyneke Pieter Willem Jacobus
Roodt André
Roux Paul

Samuel Peter Laurence
Schnetler Petrus Johannes van Huysteen
Sevenster Christiaan Bartel van Onselen
Simpson John Alexander *Obstetrie en Ginekologie
Sloane Brian *Chirurgie
Small Ivaan Benjamin
Smit Frans Albertus
Snyman Hendrik Wynand
Steyn Benjamin Johannes
Steyn Bennie Pieter
Stolze Helmut Werner
Strauss Andries Jacobus
Strauss Everhardus Johannes
Strydom Coenraad Josephus
Strydom Susanna Margaretha
Swanepoel Andries Jacobus
Swart Jacobus Johannes
Swart Pieter Barend
Swartz Gert Johannes Hendrik
Swartz Stephen Rowlands Gaebelein *Kindergeneeskunde
Ungerer Daniel
Van Aswegen Johannes Lodewikus
Van Bergen Colyn Olivier
Van den Berg Elizabeth Cornelia
Van der Linde Johannes Petrus

Van der Merwe Annette Catherine *Interne Geneeskunde
*Obstetrie en Ginekologie
Van der Merwe Raoul Burghardt
Van der Walt Heine
Van der Walt Isak Dawid
Van der Walt Jacoba Wilhelmina Gertruida
Van Eeden Stefanus Goosen
Van Heerden Hendrik Jacobus
Van Heerden Johan Hugo
Van Jaarsveld Jan Harm
Van Niekerk Guillaume Jacobus
Van Niekerk Hendrik Johannes Christoffel
Van Niekerk Jacobus Petrus
Van Niekerk Maria Magdalena
Van Rensburg Reinhardt Janse
Van Rooy Pieter
Van Schalkwyk Pieter
Van Staden Paul Jacobus
Van Wyk Ingo Johan
Van Wyk Pieter Johannes *Kindergeneeskunde
Van Zyl Louis
Veldman Jurie
Venter André *Chirurgie *Kindergeneeskunde
Venter Albert
Venter Christiaan Loedolff
Verduyn Catharina Wilhelmina
Verhaart Maria Johanna Soraya
Vermeulen Pieter Jacobus
Vorster Johannes Lodewicus
Vosloo Erich Badenhorst
Wagenaar Christo
Ward Cornelius Marthinus Johannes
Weich Stefan Hans
Welthagen Deon
Wessels Dirk Hermanus

VYFJARIGE BACCALAUREUSGRAAD FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

GRAAD VAN BACCALAUREUS IN VEEARTSENYKUNDE

Anderson Bruce Morley
Andreae Peter Valentin
Bailey Maria Francina Sophia
Barnard Charles Richard William
Christensen Neil Harwood
Coetzer Louwrens Christian
Connaway Leon
Cunliffe William Richard
Dickerson Harry Wilson
Du Preez Gert Petrus Jacobus
Fourie Jozef Markus
Gage John Galmoye
Gilbert Robert Owen

Hassel Rainer Hubertus
Horner Roger Francis
Hornsveld Marius
Jeppe Ray Carol
Kriek Nicolaas
Moore Charles William
Morkel Jacobus Bruwer
Niland Justin Paul
Pollard Brendan
Shulman Kevin Philip
Smith Charl du Toit
Smith Gideon

*Langs vak(ke): dui aan lof in finale kursus(se) betrokke hoofvak(ke)

Smith Shirley Ann
Stettler Astrid
Stevens Bruce Richard
Steyn Hermanus Jacobus Johannes
Strong Michael
Theron Gerrit Hendrik

Thomas Maryke
Van der Horst Elisabeth
Visser Andries Gerhardus
Whitfield Philip John

DIPLOMA
FAKULTEIT TANDHEELKUNDE

DIPLOMA IN MONDHIGIËNE

Boshoff Jenny
Boshoff Marlene
Erasmus Muriel Mathilda
Fourie Deidré
Goosen Marië-René
Greyling Ruby Stella
Herbst Maria Isabella
Joyce Rhoda
Kruger Elizabeth Hermina

Marais Ingrid
Niemand Esmé
*Pretorius Desireé
Rudman Lynette Marais
Scholtz Aletta Elizabeth
Slade René Cecilia
Spang Anna Maria
Van Heerden Jeanette Elizabeth
Van Schalkwyk Azella
Visser Catharina Petronella

*Langs naam: diploma met lof

AANKONDIGING VAN TOEKENNINGS VAN PRYSE EN MEDALJES
DIE VOLGENDE PRYSE EN MEDALJES IS DEUR ONDERGENOEMDE KANDIDATE VEROWER
FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE

THEILER-GEDENKMEDALJE

Vir die student in Veeartsenykunde wat o.g.v. toewyding en verdienstelikheid die beste oor die hele kursus presteer het:
Horner Roger Francis

KLINIESE MEDALJE

Vir die beste finalejaarstudent in die vakke Chirurgie, Geneeskunde, Geslagskunde en Infeksiesiektes:
Du Preez Gert Petrus Jacobus

"LION BRIDGE"-PRYSE

Vir die twee finalejaarstudente in Veeartsenykunde wat o.g.v. uitstaande kliniese kundigheid presteer het:
Du Preez Gert Petrus Jacobus
Horner Roger Francis

MAYBAKER KLINIESE-PRYS

Vir die finalejaarstudent in Veeartsenykunde wat die grootste verbetering in kliniese vakke o.g.v. deurstellingsvermoë en toewyding getoon het:

Hassel Rainer Hubertus

PFIZER-PRYS

Vir die finalejaarstudent in Veeartsenykunde wat die beste praktiese aanleg en bedrewenheid aan die dag gelê het:
Du Preez Gert Petrus Jacobus

"IMPERIAL CHEMICAL INDUSTRIES" (PHARMACEUTICALS) LTD. -PRYSE

(i) Vir die BVSc-student wat die hoogste punte in die vakke Chirurgie en Geslagskunde behaal het:
Gilbert Robert Owen

(ii) Vir die BVSc-student wat die hoogste punte in die vakke Geneeskunde en Infeksiesiektes behaal het:
Du Preez Gert Petrus Jacobus

AGRICURA-PRYS

Vir die finalejaarstudent in Veeartsenykunde wat die beste in die vak Patologie oor die hele kursus presteer het:
Stevens Bruce Richard

"LILLY LABORATORIES"-PRYSE

(i) Vir die finalejaarstudent in Veeartsenykunde wat die beste in die vak Pluimveesiektes presteer het:
Horner Roger Francis

(ii) Vir die finalejaarstudent in Veeartsenykunde wat die beste in die vak Varksiektes presteer het:
Gilbert Robert Owen

STIGTING VIR POLIOMIËLITISNAVORSING-PRYS

Vir die voortreflikste student in die finale jaar in Virussiektes:
Horner Roger Francis

FAKULTEIT GENEESKUNDE

"PROTEA HOLDINGS"-PRYSE

(i) Vir die beste finalejaarstudente in Geneeskunde en Snykunde in die vak Interne Geneeskunde:

Van der Merwe Annette Catherine
Kroon Cornelis
Baker Malcolm Kevin

(ii) Vir die beste finalejaarstudente in Geneeskunde en Snykunde in die vak Chirurgie:

Venter Andre
Sloane Brian
Pool Roger

L J TE GROEN-MEDALJE

Vir die beste student in Geneeskunde en Snykunde in die vak Obstetrie en Ginekologie.

Van der Merwe Annette Catherine

LEDERLE-PRYS

Vir die beste finalejaarstudent in Geneeskunde en Snykunde in die vak Obstetrie en Ginekologie:

Ford Thomas Dominic

NESTLÉ-PRYS

Vir die beste finalejaarstudent in Geneeskunde en Snykunde in die vak Kindergeneeskunde:

Muller Gerhardus Johannes

HOECHST-PRYS

Vir die belowendste finalejaarstudent in Geneeskunde en Snykunde op grond van geheel studieloopbaan:

Kroon Cornelis

ORTOPEDIE-PRYS

Vir die student wat gedurende die vierde, vyfde en sesde studiejaar die beste presteer het in Chirurgie (afdeling Ortopedie):

Du Plooy Cornelius Wilhelmus